LOVE GOD GREATLY
AFRIKAANS JOERNAAL

# BLYWENDE HOOP

Vertrou God
Wanneer die Toekoms
Onseker is

*BLYWENDE HOOP: VERTROU GOD WANNEER DIE TOEKOMS ONSEKER IS*

Kopiereg © 2023 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Blywende Hoop: Vertrou God Wanneer die Toekoms Onseker is* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP ‘N SLAG.

# INHOUD


*003* WELKOM

*004* INLIGTING OOR LGG

*005* ONS MISSIE

*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE

*009* GETUIENIS

*010* WÊRELDWYE BEDIENING

*011* KEN HIERDIE WAARHEDE

*014* INLEIDING

*015* LEESPLAN

*018* DOELWITTE

*019* WEEK 1

*042* WEEK 2

*066* WEEK 3

*089* WEEK 4

*115* WEEK 5

*138* WEEK 6

*161* SLUIT BY ONS AAN

*162* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

# WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

## OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord ʻn prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van ʻn aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met ʻn eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ʻn gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir "Love God Greatly" om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is ʻn 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

## ONS MISSIE

### DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

### DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

### SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP
*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*



**SOAP**

WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP /** *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10

Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3

Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig

Ons word daagliks aangekla - konstante stryd

Die Here sal my help, versterk en bewaar.

Hy is altyd daar.

Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S

STAAN VIR SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O

STAAN VIR OBSERVATION (WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

A
STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*


APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

P
STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Portugese Tak*

Ek kan baie verhale van God se wonderwerke in my lewe vertel. Groot wonderwerke, soos die keer toe my sussie gedurende ‘n gesinsvakansie in Chili vermis geraak het. Ons het op die sand neergekniel en gebid, en nie lank daarna nie kom ‘n vrou met my sussie aan haar hand na ons toe.

Ek sou kon vertel van een verjaarsdag toe ek gaan stap het en terwyl ek gebid het, merk ek op dat daar oral, in die hartjie van die winter, blomme was: in die tuine, bome en selfs op die sypaadjie.

Ek sou kon vertel van die keer toe ek ‘n vers in die Bybel gelees het wat ek nie verstaan het nie. Later het ek op ‘n perfekte verklaring afgekom in ‘n boek wat iemand daardie selfde dag vir my gegee het.

Ek sou kon vertel van onverdiende vergifnis, soos die dag toe ek oor ‘n stuk brood met my suster baklei het en toe kry ek ‘n briefie van haar wat sê hoe lief sy vir my is.

Ek kan nie eens meer onthou hoeveel keer God my lewe gespaar het toe ek ‘n rebelse tiener was nie, hoe baie sondes vir altyd uitgewis is, en hoeveel van my slegte keuses deur sy genade en ontferming reggestel is nie. Ek weet jy sou graag daardie verhale wou lees, net soos ek graag jou verhaal van God se wonderwerke in jóú lewe sou wou lees.

*TE DANKE AAN JESUS, HET EK EN JY ‘N WONDERWERK GEWORD.*

Al daardie wonderwerke is wonderlik, maar dit is nie my getuienis oor God nie. Hy sou steeds ‘n wonderlike God wees al het Hy niks van daardie dinge gedoen nie. Ek wil jou vertel van die wonderwerk, die een ding wat God vir my en jou gedoen het: Hy het Jesus Christus vir ons gegee. Dit is wat Hom ons God, Vader en Here maak. Die God wat my so liefgehad het dat Hy sy eie Seun gegee het sodat ek in Hom kan glo en huis toe gaan – sodat ek ‘n tuiste kan hê! Te danke aan Jesus, die wonderwerk in my lewe, het alles anders wonderwerke geword. Te dankie aan Jesus, het ek en jy ‘n wonderwerk geword.

*Phoenix*

*LGG Portugese Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Portugese Tak*

KEN JY IEMAND WAT ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES IN PORTUGEES KAN GEBRUIK?

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: ask@lovegodgreatly.com

Instagram: @lovegodgreatly.portugues

Facebook: Amando a Deus Grandemente

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Dat God die Portugese span sal versterk en vir ons nuwe vrywilligers sal stuur wat met die werk kan help en die bediening kan uitbrei.

Vir ons plaaslike konferensies in Brasilië en die vroue wat dit bywoon.

Dat LGG-groepleiers Brasilië toe sal kom en die plaaslike konferensies bywoon.

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

### *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10).

### *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,<br>
Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.<br>
Amen.

### *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons 'n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met 'n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as 'n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

## BLYWENDE HOOP

*Vertrou God Wanneer die Toekoms Onseker is*

# *Inleiding*

Hoop kan iets moeiliks wees. Dit kan vir ons groot vreugde bring, of ons kan groot teleurstelling ervaar wanneer ons hoop nie vervul word nie. Ons hoop vir 'n verskeidenheid dinge: van ons ewige sekerheid tot positiewe uitslae, van herstelde verhoudings tot 'n goeie nagrus. Maar wat beteken dit om waarlik jou hoop in iets te plaas? En waarin moet ons ons hoop plaas? Kan mens vir dinge hoop, selfs al mag dit nooit gebeur nie?

Hebreërs 6 vertel ons dat die hoop wat ons in Christus het, die anker vir ons siele is. Hierdie hoop hou ons verbind aan die onveranderende beloftes van God vir verlossing en die ewige lewe saam met Hom. Dit herinner ons ook van die waarheid van God se karakter en die belofte van sy teenwoordigheid, liefde, goedheid, voorsiening, regverdigheid en sorg. Wanneer ons in hoop wandel, kan ons elke dag met vreugde en vrede leef, ongeag ons omstandighede.

Hoop is die vertroue om op God te wag wanneer ons nie die toekoms kan sien nie. Volharding is om voort te gaan om ons hoop te plaas in die goedheid van God wanneer ons omstandighede ons vertel om op te gee. En geloof is die versekering dat ons hoop ons nie sal teleurstel nie, want die Een wat ons hoop in sy hand hou, is betroubaar.

*WANNEER ONS IN HOOP WANDEL, KAN ONS ELKE DAG MET VREUGDE EN VREDE LEEF, ONGEAG ONS OMSTANDIGHEDE.*

In die volgende 6 weke gaan ons die aard van hoop en wat dit beteken om met hoop te leef, bestudeer. Ons sal tyd spandeer om die karakter van God en die belofte van Christus se wederkoms te onthou, te bestudeer en te verklaar, en te groei in ons geloof soos ons ons hoop plaas in wie God is en wat Hy belowe het. Ons sal ook ondersoek hoe hoop verband hou met liefde, volharding en geloof en hoe God hoop gebruik om ons in hierdie areas te laat groei.

Mag God in ons harte werk deur hierdie in-diepte studie van sy Woord oor die ongelooflike geskenk van hoop en ons vertroue bou om op Hom te wag wanneer ons nie die toekoms kan sien nie.

Merk dit af

## LEESPLAN

**WEEK 1 / DIE AARD VAN HOOP**

- ○ *Maandag / Swaarkry Bring Hoop Voort*
  Lees: Romeine 5:1–11
  SOAP: Romeine 5:3–5
- ○ *Dinsdag / Gered in Hoop*
  Lees: Romeine 8:18–25
  SOAP: Romeine 8:24–25
- ○ *Woensdag / Onvervulde Hoop*
  Lees: Spreuke 13:12
  SOAP: Spreuke 13:12
- ○ *Donderdag / Sy Liefde Faal Nooit Nie*
  Lees: 1 Korintiërs 13; 1 Johannes 4:9–11
  SOAP: 1 Johannes 4:9–11
- ○ *Vrydag / Soos Christus Gemaak*
  Lees: 1 Johannes 3:1–3
  SOAP: 1 Johannes 3:3

**WEEK 2 / HOOP OP GOD SE KARAKTER**

- ○ *Maandag / Hoop op die Here*
  Lees: Psalm 31
  SOAP: Psalm 31:25
- ○ *Dinsdag / Ontsteld oor Leuens*
  Lees: Psalm 77
  SOAP: Psalm 77:11–14
- ○ *Woensdag / Die Goedheid van God*
  Lees: Rut 1; 4:14–22; Matteus 7:7–11
  SOAP: Matteus 7:11
- ○ *Donderdag / Onthou, Bestudeer, Verkondig*
  Lees: Psalm 136
  SOAP: Psalm 136:23–26
- ○ *Vrydag / Troos in Moeilike Tye*
  Lees: Psalm 119:49–64
  SOAP: Psalm 119:49–50

**WEEK 3 / HOOP OP CHRISTUS SE WEDERKOMS**

- *Maandag / Hoop Anderkant die Lewe*
  Lees: 1 Korintiërs 15:1–28
  SOAP: 1 Korintiërs 15:16–19
- *Dinsdag / Sonder Verskuiwing*
  Lees: Kolossense 1:9–29
  SOAP: Kolossense 1:21–23
- *Woensdag / Die Doel van Geloof*
  Lees: 1 Petrus1:3–9
  SOAP: 1 Petrus1:8–9
- *Donderdag / Versekerde Verwagting*
  Lees: Titus 3:3–8
  SOAP: Titus 3:7
- *Vrydag / Die Volheid van die Belofte*
  Lees: Hebreërs 11:13–16
  SOAP: Hebreërs 11:16

**WEEK 4 / WANDEL DEUR GELOOF**

- *Maandag / Ten Volle Oortuig*
  Lees: Romeine 4:13–25
  SOAP: Romeine 4:20–21
- *Dinsdag / God Onthou*
  Lees: Genesis 29:31—30:24
  SOAP: Genesis 30:22–24
- *Woensdag / Roep Uit in Geloof*
  Lees: 1 Samuel 1:1—2:10; 2:18–21
  SOAP: 1 Samuel 1:15–16
- *Donderdag / Geloof wat Genees*
  Lees: Lukas 8:43–48
  SOAP: Lukas 8:44, 48
- *Vrydag / Deur Geloof*
  Lees: Hebreërs 11
  SOAP: Hebreërs 11:1

**WEEK 5 / VOLHARD IN HOOP**

- ○ *Maandag / Bou Volharding*
  Lees: Jakobus 1:2–8, 12
  SOAP: Jakobus 1:2–4
- ○ *Dinsdag / Behou jou Vertroue*
  Lees: Hebreërs 10:32–39; 1 Petrus 5:5–11
  SOAP: Hebreërs 10:35–36
- ○ *Woensdag / Gevestig op Jesus*
  Lees: Hebreërs 12:1–3
  SOAP: Hebreërs 12:1–3
- ○ *Donderdag / Volhard Saam*
  Lees: 2 Korintiërs 1:3–11
  SOAP: 2 Korintiërs 1:9–11
- ○ *Vrydag / Volhard in Hoop*
  Lees: 2 Korintiërs 4:7–18
  SOAP: 2 Korintiërs 4:8–10

**WEEK 6 / GEANKER IN HOOP**

- ○ *Maandag / Selfs As*
  Lees: Job 3:25–26; 6:11–12; 9:14–20; 13:15; 42:12–15
  SOAP: Job 13:15
- ○ *Dinsdag / Bly Wag*
  Lees: Psalm 62
  SOAP: Psalm 62:6–9
- ○ *Woensdag / Vernuwe Gees*
  Lees: Romeine 12
  SOAP: Romeine 12:2, 12
- ○ *Donderdag / Ware Rykdom*
  Lees: Genesis 3:1–7; 1 Timoteus 6:17–19
  SOAP: 1 Timoteus 6:17–19
- ○ *Vrydag / Geanker*
  Lees: Hebreërs 6:10–20
  SOAP: Hebreërs 6:19–20

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

*TWEE*

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

*DRIE*

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

*Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.*

*Romeine 5:3–5*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Ons sal ons studie begin deur te fokus op die aard van hoop. Wat is die dinge waarop jy daagliks hoop? Wat is die langtermyn dinge waarop jy hoop? Waar is jou ewige hoop te vinde?*

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Romeine 5:1-11*

God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. 2 Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. 3 Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, 4 en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; 5 en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. 6 Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 7 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. 8 Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. 9 Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. 10 Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. 11 Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Romeine 5:3–5*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

**SOAP:**

*Romeine 5:3–5*

*Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.*

**OORDENKING**

Hoop. Dit is die verwagting van iets goeds. Dit is begeerte wat met verwagting gepaard gaan. Dit is vertroue om te wag op daardie goeie dinge, wat ook al rondom ons gebeur. Dit herinner ons dat ons 'n positiewe uiteinde kan verwag, verligting van die swaarkry. Hoop kan egter 'n waagstuk wees. Wat as daar nooit 'n goeie uiteinde kom nie? Wat as die goeie wat ons verwag het, sleg blyk te wees? Wat as ons begeerte onvervuld bly?

Ons vestig ons hoop op allerhande dinge: geld, verhoudings, familie, gesondheid, status en reputasie. Daar is egter net een soort hoop wat ons nooit sal teleurstel nie. Hierdie hoop is op God se beloftes. Dit is die hoop wat ons in Jesus het, wanneer ons glo dat Hy deur sy dood die straf vir ons sondes gedra het en dat ons, deur in Hom te glo, 'n verhouding met God en die ewige lewe kan hê. Hierdie hoop stel ons nooit teleur nie want dit is ingewortel in God se liefde.

Ons het hoop op grond van wat God vir ons gedoen het. Terwyl ons sondaars was, het Christus vir ons gesterf. As gevolg daarvan het God ons regverdig verklaar en ons van sy toorn gered. Ons is deur sy dood gered, vir ewig met God versoen en het 'n hoop ontvang wat nooit sal beskaam nie.

Die hoop wat ons in Christus het, het teen 'n prys gekom. Christus het gely en gesterf sodat ons hierdie hoop kon hê. Terwyl ons Hom volg, sal ons ook swaarkry verduur, maar dié swaarkry is rede tot blydskap! Swaarkry kweek volharding by ons, leer ons wat dit beteken om aan te hou en God te vertrou wanneer ons omstandighede vir ons sê om tou op te gooi. Daardie volharding bou karakter in ons en herinner ons keer op keer as ons swaarkry verduur aan God se getrouheid. En uiteindelik word hierdie karakter hoop, 'n vreugdevolle en seker verwagting van ewige verlossing.

God gee ons hoop vanweë sy groot liefde vir ons. Hy het nie nodig gehad om ons te vertel van sy plan dat Christus weer sou kom en dat ons vir ewig saam met Hom gaan wees nie. Maar Hy het ons vertel sodat ons hoopvol kan leef met die verwagting dat die goeie gaan kom, selfs terwyl ons swaarkry verduur. Ons kan moeg raak, maar ons hoop verander nie omdat ons God nie verander nie. Ongeag of ons vreugde of hartseer ervaar, ons het altyd 'n hoop wat nooit sal beskaam nie.

**LEES**

*Week 1 • Dinsdag*

*Romeine 8:18-25*

Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg
teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19
Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend
sal maak wie sy kinders is. 20 Die skepping is immers nog aan verydeling
onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp
het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook
bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid
te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. 22 Ons
weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. 23 En
nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste
gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak
dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid
bevry. 24 Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al
sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25 Maar
as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

SOAP / *Romeine 8:24–25*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Romeine 8:24–25*

*Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.*

**OORDENKING**

Om ons hoop op God te vestig, is nie passiewe aksie nie. Inteendeel, dit is 'n bewuste keuse om jou daagliks daartoe te verbind om te onthou wie Hy is en wat Hy beloof het. Elke keer as ons aan sy beloftes vashou, elke keer as ons onthou hoe God verlossing beloof het, vergroot ons ons hoop.

Die swaarkry wat ons in hierdie wêreld verduur is 'n gevolg van sonde. Ons persoonllike swaarkry is miskien nie die gevolg van sonde nie, maar die oorsaak van gebrokenheid, pyn, slawerny en verval is sonde. Selfs die skepping ly onder die las van sonde, en is self onderworpe aan verval. Ons wêreld roep uit, kreun en hoop op vryheid en verlossing.

Ons wag ook op verlossing. En as ons in Christus is, het ons die gawe van hoop op wat nog kom. Hy het vir ons heerlike verlossing beloof, beide die fisieke en geestelike verlossing van ons liggame, maar dit moet nog kom. Ons leef in die spanning van om te weet wat beloof is en te wag op die koms daarvan. Ons leef in die "nog nie".

In die "nog nie" klou ons egter aan die hoop vas – die hoop op volkome verlossing deur die werk van Jesus Christus. Te midde van slawerny klou ons aan hierdie hoop vas. Te midde van verval klou ons aan hierdie hoop vas. Terwyl ons liggame breek, ons gedagtes verander, ons geliefdes sterf, of ons regerings in duie stort, klou ons aan hierdie hoop vas. Want in hierdie hoop is ons gered. Solank ons hoop in die werk van Christus, in sy offer, opstanding en wederkoms gesetel is, is ons gered.

Hierdie hoop is wat ons laat aanhou. Sonder die hoop dat ons eendag die heerlikheid van Christus en ons volkome verlossing gaan beleef, het ons geen rede om Hom te vertrou nie. Dit is ons aktiewe keuse om daagliks aan sy beloftes vas te hou, wat ons hoop laat toeneem.

Dit mag dalk nie makliker raak in hierdie lewe nie, maar ons kan leer om te volhard. Volharding is 'n beoefening, 'n dissipline. Ons kan net deur volharding leer om te volhard. As ons kies om te glo dat die Een wat ons gered het, ons ook van swaarkry sal verlos, kweek ons volharding deur gretig op sy wederkoms te wag.

## **LEES**

*Week 1 • Woensdag*

*Spreuke 13:12*

‘n Verwagting wat nie uitkom nie, maak ‘n mens mismoedig; ‘n begeerte wat vervul word, bring nuwe lewe.

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

SOAP / *Spreuke 13:12*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP:**

*Spreuke 13:12*

*n Verwagting wat nie uitkom nie, maak 'n mens mismoedig;*
*'n begeerte wat vervul word, bring nuwe lewe.*

**OORDENKING**

Hierdie vers oor hoop is beskrywend, nie voorskriftelik nie. Dit beskryf wat gebeur wanneer ons hoop het – begeerte gepaard met die verwagting van iets goeds – en hoe ons reageer wanneer ons hoop nie vervul word nie of wanneer dit vervul word.

Wanneer ons hoop nie vervul word nie, ervaar ons pyn. Ons harte kan siek voel. Ons kan fisieke sowel as emosionele pyn ervaar. Ons wêreld kan verpletter voel. Ons geloof in God se goedheid kan wankel. Ons kan met 'n magdom onbeantwoorde vrae sit.

Wanneer ons hoop nie vervul word nie, wanneer dit wat ons begeer of verlang of op staatgemaak het, nie realiseer nie, maak dit inderdaad ons harte siek. Dit beteken egter nie dat ons verkeerd was om te hoop nie. Ons begeerte na iets goeds, ons hoop op genesing, herstel of voorsiening, is goed en normaal. Wanneer ons verwagtinge nie realiseer nie, moet ons onsself toelaat om daardie emosies te voel en eerlik met God te wees oor waar ons ons bevind. Net omdat dit miskien kan gebeur, beteken egter nie ons moet nooit hoop nie.

Wanneer ons hoop vervul word, ervaar ons vreugde en lewe! Wanneer die goeie dinge wat ons verwag het waar word, kan ons oorloop van lewe en vrede. Ons wêreld kan verander. Ons geloof in God se goedheid kan versterk word. Ons kan uiteindelik die antwoorde op baie van ons vrae sien.

Die verlangens wat God op hierdie aarde vir ons vervul, is bedoel om ons te herinner aan die uiteindelike vervulling van al ons begeertes. In Christus word al ons hoop vervul, aan al ons begeertes voldoen en word al die goeie dinge wat ons verwag, bewaarheid. Wanneer God ons hoop vervul, wys dit vooruit na die belofte van Christus se wederkoms. Dit herinner ons dat Hy goed is en dat Hy ons eendag van alle swaarkry gaan verlos.

Hoop, ongeag die resultaat, is 'n gawe van God wat bedoel is om ons vooruit na Christus te wys. Wanneer ons hoop nie vervul word nie, kan ons vashou aan die hoop wat ons in Christus het, die een hoop wat nooit teleurgestel sal word nie. Wanneer ons begeerte vervul word, kan ons verheug wees en uitsien na die uiteindelike vervulling van ons hoop wat met Christus se wederkoms aan die kom is. Moenie moed opgee nie! Wat die uitkoms ook al mag wees, God is steeds dieselfde.

# LEES

*Week 1 • Donderdag*

*1 Korintiërs 13*

Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek ‘n stuk klinkende metaal, ‘n galmende simbaal geword. 2 Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. 3 Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks. 4 Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. 5 Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6 Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. 7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. 8 Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak. 9 Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik, 10 maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. 11 Toe ek ‘n kind was, het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind. Maar noudat ek ‘n man is, is ek klaar met die dinge van ‘n kind. 12 Nou kyk ons nog in ‘n dowwe spieël en sien ‘n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken. 13 En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!

*1 Johannes 4:9-11*

Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. 10 Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. 11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP** / *1 Johannes 4:9–11*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP:**

*1 Johannes 4:9–11*

*Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.*

**OORDENKING**

Liefde is die fondament van ons hoop. Hoop stel ons nooit teleur nie want dit is vasgewortel in God se liefde. Sonder liefde het ons geen hoop nie. As God ons nie liefgehad het nie, sou Hy Jesus nie gestuur het om vir ons te sterf en deur sy offer volkome verlossing vir ons te bewerk nie. Sonder liefde sou God nie soveel moeite gedoen het om ons met Hom te versoen en die ewige lewe vir ons te gee nie. Sonder liefde is daar niks om voor te hoop nie.

Die hoop wat ons het sal ons nooit teleurstel nie omdat dit in God se liefde vasgewortel is: ons hoop faal nooit want God se liefde faal nooit nie. Ons kan hoop hê na aanleiding van die oordadige manier waarop God ons liefhet, die manier waarop Hy sy enigste Seun gestuur het om vir ons te sterf. Ons hoop berus op sy onveranderlike, onwankelbare liefde.

Ons kan nie die gawe van hoop ten volle begryp as ons nie God se liefde verstaan nie. Ons kan hoop hê – nie net op die ewige lewe nie maar in al ons huidige omstandighede – omrede van God se liefde. Jesus het ons so lief dat Hy vir ons gesterf het, en Hy het ons so lief dat Hy ons die vreugdevolle en seker verwagting van die goeie gee. Hy laat ons sien dat Hy aan die werk is, dat Hy getrou is, en dat Hy by ons is, selfs in ‘n gebroke wêreld waarin ons leef.

Ons kan diegene rondom ons liefhê omdat God ons liefhet. Ons kan hoop hê in ons verhoudings en die goeie vir ander verwag omrede van God se liefde. Ons sal nie totaal verpletter wees wanneer mense ons teleurstel nie. Ons hoop is immers nie in hulle en hul goedheid geanker nie, maar in Christus en sy liefde. Omrede van hierdie groter hoop sal ons diegene wat ons seermaak kan liefhê.

Soos ons ons studie voortsit, sal ons sien hoe geloof en hoop verbind is en hoe liefde die fondament van beide is. Liefde is die rede waarom ons geloof en hoop het. En watter gawe is dit nie! Maak nie saak wat nie, ons hoop is veilig want God se liefde vir ons verander nooit nie.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*1 Johannes 3:1-3*

Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van
God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. 2
Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons
sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons
sal Hom sien soos Hy werklik is. 3 Elkeen wat hierdie verwagting in verband met
Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *1 Johannes 3:3*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

**SOAP:**

*1 Johannes 3:3*

*Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.*

**OORDENKING**

Die grondslag van die Christelike geloof is dat ons net uit genade, net deur geloof, en net in Christus gered is. Deur die genade van God word ons verlossing van ons sondes gebied. Ons aanvaar sy genade deur ons geloof in Jesus Christus en sy lewe, dood en opstanding. Geloof op sigself is 'n geskenk van God. Aangesien God in sy genade vir ons geloof gegee het, het ons die vaste hoop dat Hy ons hemel toe gaan neem.

God het ons toegelaat om sy kinders te wees, om in sy familie verwelkom te word omdat Hy ons liefgehad het. Ons het niks gedoen om ons verlossing te verdien nie, maar deur sy genade alleen word sy liefde aan ons gebied. God se liefde is ongelooflik. Hy spreek ons van ons sondes vry op grond van Christus se offer. En dan verander Hy ons om soos Christus te wees. Wanneer ons deur die wedergeboorte kinders van God word, woon die Heilige Gees in ons en begin Hy in ons lewens werk om ons al hoe meer na die beeld van Christus te vorm. Hy werk in al ons omstandighede om ons te reinig terwyl ons op Jesus se wederkoms wag.

Terwyl ons wag, vestig ons ons hoop op Jesus. Hy het beloof om ons te verlos en te heilig en ons vertrou sy woorde. Wanneer ons die aktiewe keuse maak om ons hoop op Hom en sy verlossingswerk in ons te plaas, word ons gereinig omdat ons op Hom gefokus is. En soos ons meer soos Christus gemaak word, neem ons begrip van God se karakter en sy liefde toe.

Hoop spoor ons aan om meer soos Christus te wees terwyl ons ons versekering put uit die belofte dat ons eendag soos Hy gaan wees. God is besig om in jou te werk. Jy kan seker wees dat Hy aan die werk is om jou meer soos Christus te maak, ongeag waarvoor jy vandag te staan kom. Hou aan hoop op sy beloftes. Hou aan hoop op sy wederkoms wanneer jy Hom uiteindelik gaan sien. God sal nooit ophou werk totdat jy in Jesus volkome gemaak is nie. Ons verstaan miskien nie wat God besig is om te doen nie, maar wat dit ook al is, kan ons vol vertroue wees dat Hy aan die werk is om ons al hoe meer soos Christus te maak.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Waaraan dink jy as jy aan hoop dink? Hoe sou jy hoop definieer?*

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

2. *Hoe word ons gered in hoop? Hoe help hoop ons om volharding te bou?*

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

3. *Wanneer was jou hoop al uitgestel? Wanneer was jou hoop vervul? Hoe het jy God se hand in beide situasies gesien?*

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

4. *Hoe is liefde die grondslag van ons hoop? Waarom laat ons hoop op God se liefde ons nooit in die steek nie?*

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

5. *Hoe het God in hierdie seisoen gewerk om jou meer soos Christus te maak? Is jy bereid om Hom toe te laat om sy werk in jou lewe voort te sit?*

........................................................................................................................

........................................................................................................................

........................................................................................................................

*Onthou tog u woord aan my, die woord waarop U my laat hoop het. Dit is my troos in my ellende: dat u belofte my in die lewe hou.*

*Psalm 119:49–50*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Ons het hoop omdat ons 'n God het wat sy beloftes nakom. Wanneer ons hierdie week na die karakter van God kyk, sal ons sien hoekom Hy ons hoop waardig is. Wat is sommige van die eienskappe van God wat jou hoop gee? Watter beloftes van God gee jou hoop?*

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Psalm 31*

*Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.*

2 By U, Here, skuil ek. Laat my tog nooit teleurgestel staan nie! Bevry my, want U is getrou. 3 Luister na my, red my tog gou. Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, 'n bergvesting om my te red. 4 Ja, U is my rots en my bergvesting, ter wille van u Naam sal U my voorgaan en my lei. 5 Bevry my uit die vangnet wat hulle vir my gestel het, want U is my toevlug. 6 In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak. 7 Ek haat mense wat waarde heg aan die nikswerd afgode; my vertroue stel ek in die Here. 8 Ek wil jubel en juig oor u troue liefde: U was nie onverskillig teenoor my ellende nie; U het die bedreiging van my lewe raakgesien 9 en my nie aan die mag van die vyand oorgelewer nie; U het my 'n veilige staanplek gegee. 10 Wees my genadig, Here, want ek is in die nood; van verdriet het my oë swak geword, ja, alles in my. 11 My lewe vergaan van kommer en my jare van swaarkry; deur my ellende word my krag geknak en teer my liggaam uit. 12 Ek is die spot van al my teëstanders, veral van my bure, 'n verskrikking vir al my bekendes. Dié wat my op straat sien, vlug vir my. 13 Ek is vergeet soos iemand wat lankal dood is, ek het geword soos 'n ding wat lê en vergaan. 14 Ek hoor dreigemente van baie; dit dreig van alle kante af. Baie span teen my saam en smee planne om my lewe te neem. 15 Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: U is my God. 16 My tye is in u hand. Red my uit die hande van my vyande en vervolgers! 17 Verskyn tog tot my redding, red my deur u onfeilbare liefde. 18 Here, laat my nie teleurgestel staan in my verwagting as ek U aanroep nie. Laat die goddelose teleurgestel staan in hulle verwagting, laat hulle die stilte van die doderyk ingaan. 19 Bring die leuenaars tot swye, dié wat vol is van hulleself en in hoogmoed en veragting teen die regverdige praat. 20 Hoe groot is u goedheid: dit is altyd daar vir dié wat U dien, U bewys dit voor die oë van die mense aan dié wat by U skuil. 21 Deur u teenwoordigheid beskerm U hulle teen die sameswering van mense. U steek hulle weg vir dié wat vir hulle beskuldig. 22 Aan die Here kom die lof toe, want Hy het sy trou op wonderbaarlike wyse aan my betoon toe ek beleër was. 23 Ek het in my angs gedink: Dit is klaar met my, selfs U het my verwerp. Tog, U het geluister na my gesmeek toe ek na U om hulp geroep het. 24 Betuig julle liefde vir Hom, julle almal wat die guns van die Here geniet. Die Here beskerm dié wat aan Hom getrou is, maar dié wat teen Hom opstandig is, straf Hy swaar. 25 Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertroue in die Here stel.

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Psalm 31:25*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

**SOAP:**

*Psalm 31:25*

*Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertroue in die Here stel.*

**OORDENKING**

Hoop op God se karakter is die fondament waarop alle ander hoop gebou is. Om ons hoop op God se karakter te vestig, moet ons sy karakter ken en daaroor nadink. Ons moet onsself aan sy getrouheid herinner. Hoe het jy God jou al gehelp? Wanneer het Hy sy beloftes aan jou nagekom? Hoe het jy al sy krag in jou lewe aan die werk gesien?

Psalm 31 is 'n pragtige voorbeeld van wat dit beteken om ons hoop op God se karakter te plaas. Die psalmdigter het God se karakter geken. Hy was vertroud met God se getroue dade teenoor Hom persoonlik en teenoor God se volk. Hy was vol vertroue dat God hom weer sou red, omdat God hom in die verlede gered het. Die psalmdigter het geweet waartoe God in staat is want hy het God se karakter geken. Hy het geweet wat hy van God kon vra omdat hy in die verlede gesien het hoe kragtig God werk en op sy gebede reageer. Hy het hom verheug oor God se redding in die verlede en met verwagting uitgesien dat God sy beloftes sou nakom.

Die psalmdigter het God ook aan sy beloftes herinner. Wanneer ons sukkel om God te glo of om sy goedheid en liefde te vertrou, kan ons sy beloftes en werke van die verlede aan Hom ophaal. Sodoende openbaar ons ons geloof, en wys dit ons geloof, en wys dit aan God dat ons Hom glo en vertrou. Wanneer ons sukkel om God te vertrou, kan ons aan enige deel van sy karakter—soos sy liefde of sy regverdigheid— vashou en die krag daaruit put om Hom te bly vertrou.

Hoop is die vertroue om op God te wag wanneer ons nie weet wat die toekoms inhou nie. Wanneer ons deur die vyand omsingel is, deur vrees, twyfel of smart oorweldig is, gee hoop ons die krag om te volhard. Hoop op God se redding herinner ons dat ons 'n God het wat red, 'n God wat goed, liefdevol, deernisvol en regverdig is. Wag vandag op Hom. Hy ken die uitkoms en Hy is reeds vesig om jou redding te bewerkstellig.

# LEES

*Week 2 • Dinsdag*

## *Psalm 77*

*Vir die koorleier. Ter herinnering. Van Asaf. 'n Psalm.*

2 Ek roep na God om hulp, ek roep na God, want Hy sal my hoor. 3 In my
nood soek ek hulp by die Here; ook in die nag bly my hande in gebed uitgestrek
sonder om moeg te word; maar ek vind geen troos nie. 4 Ek dink aan God
en ek sug, ek dink na en ek is verslae. Sela 5 U laat my wakker lê, ontsteld en
sprakeloos. 6 Ek dink aan vroeër dae, aan jare lank gelede. 7 As ek so in die nag
lê en terugdink en peins, vra ek my af: 8 "Sal die Here vir altyd verstoot en nooit
weer genade betoon nie? 9 Het daar vir altyd 'n einde gekom aan sy trou? Geld
sy beloftes dan glad nie meer nie? 10 Het God vergeet om medelye te hê? Het
Hy in sy toorn sy ontferming onttrek?" Sela 11 En ek sê: "My grootste smart is
dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen nie." 12 Ek wil dink aan die dade
van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër. 13 Ek wil nadink oor
al u werk en oor al u dade peins. 14 Alles wat U doen, is heilig, o God. Waar is
'n god so groot soos God? 15 U is die God wat wonderdade doen; U het u mag
onder die volke geopenbaar. 16 U het u volk deur u krag gered, die kinders van
Jakob en Josef. Sela 17 Toe die waters U sien, o God, toe die waters U sien, het
hulle gebewe, die diep waters het gesidder. 18 Die wolke het water uitgegiet, uit
die donderwolke het dit gedreun, u weerligte het in alle rigtings geblits. 19 U
donderslae het die lugruim gevul, weerligstrale het die wêreld verlig, die aarde
het geskud en gebewe. 20 U het deur die see gekom, u weg deur magtige waters
gebaan. Niemand het u spoor gesien nie. 21 U het u volk soos 'n kudde gelei deur
die hand van Moses en Aäron.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP** / *Psalm 77:11–14*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

### SOAP:

*Psalm 77:11–14*

*En ek sê: "My grootste smart is dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen nie." Ek wil dink aan die dade van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër. Ek wil nadink oor al u werk en oor al u dade peins. Alles wat U doen is heilig, o God. Waar is 'n god so groot soos God?*

### OORDENKING

Dit is nie altyd maklik om God se karakter te onthou nie. Wanneer ons lewe inmekaartuimel, vergeet ons soms dat Hy goed is. Wanneer sake onregverdig lykl, kan ons vergeet dat Hy regverdig is. Wanneer ander ons seermaak, kan ons vergeet dat Hy vol deernis en liefde is.

Terwyl die psalmdigter sy hart voor God uitstort, het hy reguit vrae gevra en gewonder waar God in sy ellende is. Ons was al almal daar—oorweldig deur twyfel, vrees en wanhoop. Maar dan sê hy: "My grootste smart is dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen nie" (Psalm 77:11). Wanneer ons voor beproewings te staan kom, sal die wêreld en die vyand ons toegooi met leuens oor wie God is. Die psalmdigter het hierdie leuen oor God se karakter raakgesien en dit ontstel hom hewiglik.

Dan, in plaas daarvan om toe te gee en die leuen te glo en in wanhoop te verval, verkondig hy die waarheid van wie God is: dat Hy 'n God is wat wonderdade doen.

Die lewe is nie maklik nie. Wanneer die ergste gebeur, kan ons eerlik en reguit wees met God oor ons twyfel en vrese. Ons kan Hom vrae vra en terwyl ons weeklaag ons harte voor Hom uitstort. Maar dan, in plaas daarvan om te swig voor leuens wat ons kan oorweldig wanneer ons seer het, wend ons ons tot die waarheid.

Sonder hoop kan ons nie die leuens van die vyand beveg nie. Hoop bewapen ons met waarheid en herinner ons om die goeie te verwag omdat ons 'n goeie God dien. Wanneer ons fokus op wat waar is omtrent God se karakter, bou dit volharding en geloof. Wanneer ons hoop gesetel is in die goedheid van God is en nie die toestand van ons omstandighede nie, sal ons nooit wankel nie.

Ons God doen wonderlike dinge. Dag na dag openbaar Hy sy krag aan ons. Terwyl ons fokus op die waarheid van wie God is, help dit ons as ons onthou van sy getrouheid in die verlede, om te weet dat Hy ook in die toekoms getrou sal wees. Ons hoop is verseker omdat dit in Hom is. Hy antwoord nie altyd soos ons hoop Hy sal nie; Hy gee nie altyd vir ons die uitkoms wat ons wil hê nie, maar Hy is altyd goed. Ons hoop berus nie op die uitkoms van ons omstandighede nie, maar op die karakter van ons God. Want Hy verander nooit en sal nooit onaktief raak nie.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Rut 1*

In die tyd van die leiers was daar op ‘n keer hongersnood in die land, en ‘n man met sy vrou en sy twee seuns het uit Betlehem in Juda weggetrek om ‘n heenkome te soek in die gebied van Moab. 2 Die man was Elimelek, sy vrou Naomi, en sy twee seuns Maglon en Kiljon. Hulle was afkomstig uit Efrata in Betlehem in Juda. Hulle het in Moab aangekom en hulle daar gevestig. 3 Toe Naomi se man, Elimelek, sterf, het sy en haar twee seuns alleen agtergebly. 4 Die twee seuns het later getrou met die Moabitiese meisies Orpa en Rut. Naomi en haar seuns het omtrent tien jaar in Moab gebly. 5 Toe haar twee seuns Maglon en Kiljon ook sterf, het sy alleen agtergebly sonder haar seuns en sonder haar man. 6 Toe sy verneem dat die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle ‘n goeie oes te gee, het sy en haar skoondogters klaargemaak om van Moab af terug te gaan. 7 Sy en haar skoondogters het saam vertrek uit die plek waar hulle gebly het, op pad na Juda toe. 8 Toe sê Naomi vir haar twee skoondogters: “Julle moet liewer teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here sy liefde aan julle bewys, soos julle aan die oorledenes en aan my liefde bewys het. 9 Mag die Here vir julle elkeen weer ‘n goeie man en ‘n heenkome gee.” Toe sy van hulle wou afskeid neem, het hulle begin huil 10 en vir haar gesê: “Nee, ons wil met Ma saamgaan na Ma se volk toe.” 11 Maar Naomi het weer vir hulle gesê: “Gaan terug, my dogters. Waarom sou julle saam met my wou kom? Het ek nog enige hoop om seuns in die wêreld te bring, sodat julle met hulle sou kon trou? 12 Gaan asseblief maar terug, my dogters, ek is te oud om weer te trou; selfs al sou ek sê daar is nog hoop vir my, al sou ek vannag by ‘n man slaap, al sou ek nog seuns in die wêreld bring, 13 sou julle kon wag tot hulle groot is? Sou julle julle ondertussen daarvan kon weerhou om te trou? Dit is onmoontlik, my dogters. Nee, my lot is swaarder as julle s’n: die Here het teen my gedraai.” 14 Toe het Naomi se skoondogters weer begin huil, en Orpa het van haar afskeid geneem, maar Rut het by haar gebly. 15 Toe sê Naomi: “Kyk, jou skoonsuster het teruggegaan na haar volk en na haar gode toe. Gaan jy nou ook saam met haar terug.” 16 Maar Rut het geantwoord: “Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; 17 waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê ‘n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei.” 18 Naomi het besef dat Rut vasbeslote was om saam met haar te gaan en sy het opgehou om haar te probeer ompraat. 19 Hulle twee is toe saam na Betlehem toe. Met hulle aankoms in Betlehem was daar groot opgewondenheid in die stad, en die vrouens het gesê: “Maar dis mos Naomi!” 20 Hierop het Naomi vir hulle gesê: “Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara , want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak. 21 My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het ‘n ramp oor my gebring.” 22 So het Naomi uit Moab teruggekom en Rut, haar Moabitiese skoondogter, was by haar. Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Rut 4:14-22*

Die vrouens sê toe vir Naomi: "Aan die Here kom die lof toe omdat Hy vandag vir
jou 'n losser gegee het. Mag die losser se naam bekend wees in Israel, 15 en mag
hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg. Jou skoondogter wat jou
liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom in die wêreld gebring."
16 Naomi het toe die seuntjie op haar skoot gevat en as haar eie aangeneem. 17
Haar buurvroue het die seuntjie toe 'n naam gegee. Hulle het hom Obed genoem
en gesê: "'n Seun is vir Naomi gebore." Obed was die voorvader van Dawid. 18
Hier is nou die geslagsregister van Peres: Peres was die vader van Gesron, 19
Gesron van Ram, Ram van Amminadab, 20 Amminadab van Nagson, Nagson
van Salmon, 21 Salmon van Boas, Boas van Obed, 22 Obed van Isai, en Isai was
die vader van Dawid.

*Matteus 7:7-11*

"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal
oopgemaak word, 8 want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir
elkeen wat klop, sal oopgemaak word. 9 "Watter mens onder julle sal vir sy seun
'n klip gee as hy brood vra, 10 of 'n slang as hy vis vra? 11 As julle wat sleg is, dan
weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat
in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

SOAP / *Matteus 7:11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP:**

*Matteus 7:11*

*As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?*

**OORDENKING**

Ons dien 'n goeie God. Hy verander nooit nie. Soms neem die lewe egter 'n ander wending as waarop ons gehoop het. Hoe bring ons in sulke tye ons probleme en God se goedheid by mekaar uit? Hoe weet ons dat Hy regtig vir ons omgee wanneer ons voel asof niks wat met ons gebeur hoegenaamd goed kan wees nie?

Naomi het ongelooflike verlies ervaar. Sy het geweet wie God is, sy was oortuig van sy karakter—dat Hy soewerein, altyd teenwoordig en goed is—maar sy het ophou glo dat Hy vr haar goed was. Sy het haar man, haar seuns, haar huis en een van haar skoondogters verloor. Sy moes met niks, totaal verneder, na haar mense toe teruggaan. Sy het beplan om alleen terug te keer, maar Rut het verseg om haar te verlaat. Nou moes sy 'n plan maak weg om vir hulle albei te sorg. Hoe kon God enigsins vir haar goed wees en aan haar goeie gawes gee as dit haar situasie was?

Naomi (net soos enigeen van ons) het verbitter geraak oor die enorme verlies wat sy ervaar het. Ek wonder hoeveel van ons het in 'n seisoen van verlies of smart ons geloof in God se goedheid verloor. Dit gebeur baie maklik. God het egter altyd 'n plan vir ons beswil. Hy is altyd aan die werk. Nadat die skrywer van die boek Rut Naomi se woorde opgeteken het, het hy 'n voorafskuduwing van die daaropvolgende gebeure gee, en daarmee aangedui dat God nog nie klaar was met haar verhaal nie.

God is ook nog nie klaar met jou verhaal nie. Ons weet hoe Naomi se verhaal eindig—dat die skoondogter wat by haar gebly het, beter as sewe seuns geblyk het te wees—maar ons weet nie hoe ons verhale gaan eindig nie. Ons mag dalk eers in die ewigheid sien dat ons verlies 'n goeie gawe was. Maar jy kan hiervan seker wees: Jou God is steeds goed.

Of jy oorstelp is deur bitterheid of vreugde, God se goedheid verander nooit. God vra nie dat jy moet glo dat Hy goed is sodat Hy goed kan wees nie. Hy het egter spesiale genade en hulp beloof aan diegene wat Hom aanroep en Hom vertrou. Hy sal ons te midde van die moeilike tye met vrede vervul as ons in sy goedheid rus.

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Psalm 136*

Loof die Here, want Hy is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 2 Loof die oppermagtige God. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 3 Loof die magtigste van alle maghebbers. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 4 Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 5 Hy het die hemel met soveel insig gemaak. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 6 Hy het die aarde op die waters gevestig. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 7 Hy het die groot hemelligte gemaak, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 8 die son om te heers oor die dag, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 9 die maan en die sterre om te heers oor die nag. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 10 Hy het die Egiptenaars getref met die dood van hulle eersgeborenes Aan sy liefde is daar geen einde nie. 11 en Israel onder hulle uit gelei Aan sy liefde is daar geen einde nie. 12 met sy groot mag en krag. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 13 Hy het die Rietsee in twee gekloof Aan sy liefde is daar geen einde nie. 14 en Israel daar deur laat trek, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 15 maar die farao met sy leërmag in die Rietsee gestort. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 16 Hy het sy volk deur die woestyn laat trek. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 17 Hy het groot konings oorwin, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 18 magtige konings laat sneuwel: Aan sy liefde is daar geen einde nie. 19 koning Sihon van die Amoriete, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 20 koning Og van Basan. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 21 Hy het hulle land as geskenk gegee, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 22 as geskenk aan Israel, sy dienaar. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 23 Hy het aan ons gedink in ons vernedering Aan sy liefde is daar geen einde nie. 24 en ons uit die mag van ons teëstanders bevry. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 25 Hy gee voedsel aan al wat lewe. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 26 Loof die God van die hemel! Aan sy liefde is daar geen einde nie.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

SOAP / *Psalm 136:23–26*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP:**

*Psalm 136:23–26*

*Hy het aan ons gedink in ons vernedering Aan sy liefde is daar geen einde nie. en ons uit die mag van ons teëstanders bevry. Aan sy liefde is daar geen einde nie. Hy gee voedsel aan al wat lewe. Aan sy liefde is daar geen einde nie. Loof die God van die hemel! Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

**OORDENKING**

Ons hoop word konstant getoets, beide deur die vyand en deur God. Die vyand sal ons hoop toets deur vir ons leuens te vertel. As hy daarin kan slaag om ons te laat glo dat die wêreld ons gelukkig gaan maak, sal hy alles in sy vermoë doen om ons sover te kry om ons hoop te vestig op wat die wêreld bied. Want as ons hoop op enigiets anders as God gevestig is, sal dit nie standhou nie. Wanneer ons besef dat alles waarop ons ons hoop vestig, misluk, mag ons moed opgee en glo dat enige hoop hoegenaamd nutteloos is.

Daarenteen, wanneer God ons hoop toets, bied Hy ons geleenthede om te groei. Hy is geduldig met ons en help ons wanneer ons misluk. God ken ons geneigdheid om voor vrees te swig of ons hoop op iets anders as op Hom te vestig. Daarom het Hy ons sy Woord, sy Heilige Gees en ‘n Christen-gemeenskap gegee om ons te help om aan te hou hoop.

Hoop is die vertroue om op God te wag wanneer ons nie die toekoms kan sien nie. Hoop moedig ons aan om te wag op God se wysheid en dat God optree. Dit vra egter oefening en dissipline om sulke hoop te ontwikkel. Ons moet God se karakter ken en daarvan oortuig wees as ons wil hê dat ons hoop in Hom geanker sal bly.

Psalm 136 wys ons hoe om hoop te beoefen. Eerstens onthou ons sy dade. Ons onthou wat God gedoen het want dit herinner ons aan wat God kan en wil doen. As ons sy getrouheid in die verlede onthou, gee dit ons vertroue in sy getrouheid in die toekoms. Vervolgens bestudeer ons sy karakter. Ons bestudeer God se Woord om uit te vind wie God is. Die psalmdigter dink terug aan God se getroue optrede met sy volk in die verlede en ontdek sodoende wie God is. Ten slotte verkondig ons sy goedheid. Ongeag of ons seisoene van verlies of oorvloed beleef, ons kan God se goedheid verkondig. Wanneer ons sy karakter proklameer, verhoog dit ons vertroue in wie Hy is en wys ons vir diegene om ons hoe dit lyk om in geloof te leef.

Dit is hoe ons ons hoop beoefen: onthou sy dade, bestudeer sy karakter en proklameer sy goedheid. Sodoende sal Hy ons vertroue laat toeneem terwyl ons op Hom wag vir goeie dinge

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Psalm 119:49-64*

Onthou tog u woord aan my, die woord waarop U my laat hoop het. 50 Dit is
my troos in my ellende: dat u belofte my in die lewe hou. 51 Ek moes die felle
spot van hovaardige mense verduur, maar van u wet het ek nie afgewyk nie. 52
Ek onderhou u bepalings van altyd af, Here: dit gee my vertroue. 53 Ontsteltenis
het my oorval oor die goddeloses wat u wet verontagsaam. 54 U voorskrifte is vir
my ‘n lied in my lewe hier op aarde. 55 Selfs in die nag dink ek aan U, Here, en
is ek gehoorsaam aan u wet. 56 Om u bevele uit te voer, is vir my die lewe. 57
Ek het gesê: “Dít is my lewe, Here, om u woord te gehoorsaam.” 58 Ek smeek
U met my hele hart: “Wees my genadig, soos U beloof het. 59 Ek het die koers
van my lewe oordink en na u verordeninge teruggekeer. 60 Ek talm nie, ek haas
my om u gebooie te onderhou.” 61 Die goddeloses wou my in hulle strikke kry,
maar ek het u wet nie verontagsaam nie. 62 Selfs in die middel van die nag staan
ek op om U te loof vir u regverdige bepalings. 63 Ek is ‘n vriend van almal wat U
dien en u bevele gehoorsaam. 64 Die aarde is vol van u troue liefde, Here. Leer
my u voorskrifte.

## SOAP

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Psalm 119:49–50*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP:**

*Psalm 119:49–50*

*Onthou tog u woord aan my, die woord waarop U my laat hoop het.*
*Dit is my troos in my ellende: dat u belofte my in die lewe hou.*

**OORDENKING**

Hoop bring troos in moeilike tye. God se beloftes gee ons nuwe krag om aan te hou volhard en op God te wag. Die psalmdigter put nuwe krag uit God se beloftes sodat hy in gehoorsaamheid kan bly wandel en God se opdragte uitvoer. Hy beskryf die vreugde wat hy ervaar as hy God se opdragte gehoorsaam en hoe hy deur God se wet vertroos word.

Wanneer ons glo dat God is wie Hy sê Hy is, wil ons sy opdragte volg. Wanneer ons God se karakter verstaan, is ons meer gewillig om te doen wat Hy sê; ons gehoorsaam sy bevele omdat ons besef dat ons, deur dit te doen die lewe vind.

God is heilig. Net soos God se liefde, goedheid en getrouheid, is God se heiligheid ook die grondslag van ons hoop. Omdat God heilig is, veroorsaak ons sonde skeiding tussen Hom en ons. In sy liefde het God egter sy Seun gestuur om die prys van ons sondes te betaal sodat ons voor Hom regverdig kan wees. Ons word volkome vergewe wanneer ons in Jesus glo. Ons ontvang die ewige lewe en sal vir ewig saam met Hom wees as gevolg van wat Jesus gedoen het om ons met die Vader te versoen.

Hoop op God se heiligheid noodsaak ons om sy bevele te gehoorsaam en in sy weë te wandel. Hoe meer ons sy opdragte uitvoer, hoe beter leer ons Hom ken. Hoe beter ons Hom en sy beloftes ken, hoe meer vertrou ons Hom. Ons weet sy beloftes is waar omdat Hy heilig is. Hy kan nie leuens vertel nie. Sy heiligheid vertroos ons, gee ons nuwe krag en die vertroue om op Hom te wag wanneer die toekoms vir ons onbekend is.

Ons hoop berus op wie God is. Elke aspek van God se karakter—sy liefde, getrouheid, waarheid, goedheid, mag en heiligheid—gee ons hoop vir die toekoms. Hoop op Hom lei ons tot gehoorsaamheid en laat ons geloof toeneem. Wanneer ons hoop op God se karakter is, sal ons sy opdragte wil uitvoer omdat ons oortuig is dat daar niks beters is as om saam met Hom te wandel nie.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Hoop is die vertroue om op God te wag wanneer ons nie die toekoms kan sien nie. Wat wag jy vir God om te doen in hierdie seisoen van jou lewe?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

2. *Ons hoop moet gewortel wees in die karakter van God. Lys 'n paar aspekte van God se karakter en hoekom dit jou hoop gee.*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

3. *Het jy al ooit soos Naomi gevoel, oortuig van die goedheid van God vir ander, maar nie vir jouself nie? Is dit vir jou moeiliker om op die goedheid van God of die vermoë van God te vertrou? Hoekom?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

4. *Wat het God al in jou lewe gedoen wat jou sy goedheid en getrouheid gewys het? Hoe gee dit jou aanmoediging vir wat jy vandag in die gesig staar?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

5. *Aan watter beloftes van God kan jy vashou wanneer jy jou hoop op sy karakter probeer stel?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

*Ook julle was voorheen*
*ver van God af en*
*vyandiggesind teenoor Hom,*
*soos blyk uit julle sondige*
*lewenswyse. Maar nou het*
*Hy ook julle met Homself*
*versoen deurdat sy Seun*
*as mens gesterwe het om*
*julle heilig, sonder smet en*
*onbesproke voor Hom te stel.*
*Maar dan moet julle vas en*
*sterk bly staan in die geloof*
*en julle nie laat losruk*
*van die hoop wat in julle*
*gewek is deur die evangelie*
*wat julle gehoor het nie.*

*Kolossense 1:21–23*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hoop is 'n anker vir ons siele as gevolg van wie ons hoop in is. Spandeer hierdie week tyd om een van die Evangelies te lees en skryf neer hoe Jesus sy beloftes nagekom het terwyl Hy op aarde was. Hoe gee dit jou die vertroue dat Hy sy belofte om eendag terug te keer, sal nakom?*

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

................................................................................................................................................

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*1 Korintiërs 15:1-28*

Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan. 2 Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom. 3 Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; 4 Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. 5 Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, 6 en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. 7 Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. 8 Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn. 9 Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om ʻn apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het. 10 Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is. 11 In elk geval, of dit ek is of hulle – dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het. 12 As ons dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party van julle nog beweer dat daar geen opstanding van die dooies is nie? 13 As daar geen opstanding van die dooies is nie, beteken dit dat Christus ook nie opgewek is nie. 14 En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud. 15 Verder sou dit beteken dat ons vals getuienis oor God afgelê het, omdat ons teen God in getuig het dat Hy Christus opgewek het. As dit dan waar is dat die dooies nie opgewek word nie, het Hy Christus ook nie opgewek nie. 16 As die dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. 17 En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes. 18 Dan is ook dié wat in Christus gesterf het, verlore. 19 As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. 20 Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. 21 Aangesien die dood deur ʻn mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur ʻn mens gekom. 22 Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. 23 Maar daar is ʻn volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. 24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het. 25 Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. 26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. 27 Daar staan immers geskrywe: "Alles het Hy aan Hom onderwerp." Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is. 28 Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.

**SOAP**

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *1 Korintiërs 15:16–19*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

**SOAP:**

*1 Korintiërs 15:16–19*

*As die dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes. Dan is ook dié wat in Christus gesterf het, verlore. As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.*

**OORDENKING**

In sy brief aan die gemeente in Korinte het Paulus die betekenis van die opstanding van Christus verduidelik. Paulus het die boodskap van die evangelie herhaal: dat Christus vir ons sondes gesterf het, begrawe is en toe op die derde dag opgewek is en aan baie mense verskyn het. Sy verskynings na die opstanding was betekenisvol omdat dit aan die vroeë kerk ooggetuie bewys gelewer het dat Jesus waarlik uit die dood opgestaan het soos Hy gesê het Hy sou.

Hierdie opstanding is die grondslag van ons Christelike geloof. Sonder die opstanding van Christus het ons niks om op te hoop nie. Paulus het verduidelik dat as Christus nie uit die dood opgewek is nie, daar geen opstanding vir ons is nadat ons gesterf het nie. Paulus het selfs so ver gegaan om te sê dat as ons net in hierdie lewe hoop op Christus het en nie in die ewigheid nie, dan moet ons meer bejammer word as diegene wat geen hoop het nie.

Die basis van ons hoop in Christus is wat Hy aan die kruis gedoen het en wat Hy belowe het om in ewigheid te doen. As ons hoop nie verder gaan as die dood nie, dan het ons geen hoop nie. Ons hoop is onfeilbaar, want dit is ewig veilig: Christus het belowe om ons liggame op te hef tot nimmereindigende lewe. As daar geen opstanding is nie, het ons niks om op te hoop nie. As daar geen ewigheid by Christus is nie, dan is daar geen doel of betekenis met ons lewens nie.

Ons stel ons hoop in wat werklik en blywend is, want enigiets anders is waardeloos. Ons hoop is vandag in ‘n verhouding met God en ook in die feit dat ons eendag in ewigheid by Christus sal wees. Dit is wat werklik en blywend is en dit is die hoop wat ons vreugde en lewe gee. Ons hoop is gegrond in God se belofte. Ons kan in volle vertroue van ‘n ewigheid saam met Christus lewe, want Hy is die een wat die toekoms hou.

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

*Kolossense 1:9-29*

Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om
vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die
Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, 10 sodat julle tot eer van die Here sal
lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en
toeneem in die kennis van God. 11 Mag God deur sy wonderbare krag julle alle
sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard. 12 Met blydskap moet
julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis
wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. 13 Hy het ons uit die mag van
die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy
liefhet. 14 Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons
sondes. 15 Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word
nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. 16 God het deur Hom
alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en
alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders.
Alles is deur Hom en vir Hom geskep. 17 Voor alles was Hy al daar, en deur
Hom bly alles in stand. 18 Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is
die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het,
sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. 19 God het besluit om met sy
volle wese in Hom te woon 20 en om deur Hom alles met Homself te versoen.
Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom
het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. 21 Ook julle
was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle
sondige lewenswyse. 22 Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat
sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor
Hom te stel. 23 Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle
nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle
gehoor het nie. Dit is die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig
is en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het. 24 Ek is nou bly oor al die lyding
wat ek ter wille van julle moet verduur, want die vervolging van Christus het
nog nie geëindig nie. Ek verduur my deel daarvan ter wille van sy liggaam, die
kerk, 25 waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die opdrag wat God my gegee
het om sy woord ten volle aan julle bekend te maak. 26 Dit is die geheimenis
wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan die
mense wat aan Hom behoort. 27 God het besluit om aan hulle bekend te maak
hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan
is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid. 28 Hóm verkondig
ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat
ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring. 29 Daarvoor
span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in
my werk.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Kolossense 1:21–23*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Kolossense 1:21–23*

*Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie. Dit is die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig is en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.*

**OORDENKING**

In sy brief aan die gemeente in Kolosse het Paulus ons vorige toestand verduidelik: sondeskuld en leef in duisternis, vreemdelinge en vyande van God. Maar toe is ons deur Christus met God versoen, heilig en onberispelik voor Hom gemaak. Ons kan op hierdie waarheid hoop!

Dit kan maklik wees om ons hoop te verskuif na iets wat ons kan sien, iets wat seker of vinnig of gemaklik lyk. Maar ware hoop gaan nie oor wat ons kan sien nie. Ware hoop is gebaseer op wat ons nie kan sien nie. Dit gaan daaroor om te glo dat God sal doen wat goed is en dat Hy die regte uitkoms sal bewerkstellig.

Hoop gaan nie oor spoed nie. Trouens, hoe langer ons vir iets moet wag, hoe meer vreugde vind ons wanneer dit uiteindelik vervul word. Ja, wag is nie maklik nie. Ons word dikwels moedeloos of oorweldig met twyfel as ons nie vinnig die uitkoms sien wat ons verlang nie. Maar hoop is die vertroue om op God te wag wanneer ons nie die toekoms kan sien nie. Ons kan God vra om ons vertroue te gee, selfs wanneer die wag lank is.

Geloof gaan daaroor om aan te hou glo in God wanneer ons Hom nie kan sien nie. Ons bly getrou wanneer ons weier om ons hoop te verskuif van wat waar is na wat maklik is.

Kyk na Paulus se beskrywing van Jesus in Kolossense 1. Hy is waar. Hy is werklik. En Hy is bo alle dinge. Hy het reeds die werk gedoen om ons te verlos. Nou kan ons Hom glo en vreugde vind terwyl ons hoop op sy wederkoms. Ons veg daagliks teen die leuens en vrese en twyfel wat ons van die waarheid wegdraai. God verander nooit. Sy beloftes verander nooit. Wat Hy belowe het om te doen, sal Hy doen. Terwyl ons wag, kan ons getrou bly aan Hom deur nie ons hoop weg te skuif van sy beloftes nie.

Wanneer ons die volheid verstaan van wat Christus vir ons gedoen het deur ons te regverdig en uit die duisternis te bring, ontvang ons die volle vreugde om ons hoop op Hom te plaas. Hy is ons fondasie, die basis waarop al ons hoop gevestig is. Kom ons bly standvastig, verskuif nie ons hoop na minder belangrike dinge nie, maar onthou altyd wat Hy vir ons gedoen het.

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*1 Petrus 1:3-9*

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop 4 op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. 5 En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. 6 Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings 7 sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. 8-9 Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.

**SOAP**

*Week 3 • Woensdag*

SOAP / *1 Petrus1:8–9*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP:**

*1 Petrus 1:8–9*

*Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.*

**OORDENKING**

Ons hoop is gegrond in die liefde van God en die werk van Christus. Sonder die opstanding en die belofte van 'n ewigheid saam met Hom, het ons niks om op te hoop nie. Maar ons het 'n lewende hoop, een wat nie kan vergaan, bederf of vervaag nie, want dit is gebaseer op die liefde van God.

Jesus het belowe om terug te keer en om alle dinge te verlos en te herstel. Hy het belowe dat wanneer Hy wel terugkeer, almal wat hulle geloof in Hom geplaas het, verlossing sal ontvang. Dit is die doel van ons geloof: verlossing. Maar dit is nie 'n doel waarvoor ons moet werk om te bereik nie. Christus het reeds al die werk gedoen wat nodig is vir ons om verlossing te ontvang. Die werk is klaar gedoen!

Tog, terwyl ons wag om die volheid van ons verlossing in die ewigheid te ontvang, ervaar ons lyding. Die wêreld is gebroke en ons voel elke dag die gewig daarvan. Maar nogtans kan ons met vreugde vervul word.

As ons weet en glo dat Christus uit die dood opgewek is, het ons 'n erfdeel in die hemel. Ons het die vertroue om te wag vir die grootste, beste geskenk: die redding van ons siele. Wat 'n vreugde is dit tog om te weet dat God bereid is om vir ons alles goed te gee. Al verdien ons dit nie, het Hy vir ons absoluut alles in verlossing gegee.

Ons hoop is nie gebaseer op ons omstandighede nie. Dit is gebaseer op die werk van Christus. Dit is gebaseer op die waarheid dat Hy uit die dood opgewek is. En dit is gebaseer op sy belofte om terug te keer en alle dinge te herstel.

Al kan ons vandag nie die voorwerp van ons geloof sien nie, kan ons steeds vreugde hê. Geloof en hoop bring vir ons onverwelklike vreugde, en herinner ons daaraan dat ons God altyd sy beloftes nakom.

**L E E S**

*Week 3 • Donderdag*

*Titus 3:3-8*

Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat. 4 Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. 5 Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. 6 God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser. 7 So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag. 8 Dit is ‘n betroubare woord. Daarom wil ek hê dat jy van hierdie dinge met groot nadruk moet getuig, sodat dié wat tot geloof in God gekom het, hulle op goeie werk kan toelê, werk wat goed en nuttig is vir die mense.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

SOAP / *Titus 3:7*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP:**

*Titus 3:7*

*So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag.*

**OORDENKING**

Ons was almal eens vyande van God. Ons het sy opdragte verontagsaam, sy wysheid geïgnoreer en mekaar gehaat. Ons was hooploos sonder God en hooploos om ooit gered te word. Maar God het ons nie daar laat bly nie.

Ons God is vriendelik. Hy is liefdevol. Hy is genadig. Hy het sy goedhartigheid, liefde en genade oor ons uitgestort toe ons nog sy vyande was. In plaas daarvan om ons in die duisternis te laat bly, het Hy ons gered en ‘n nuwe lewe gegee.

Ons het niks gedoen om die goedheid van God te verdien nie. Ons kon onmoontlik vergoeding vir ons sondes op ons eie regkry. Ons het teen God gesondig, maar sy barmhartigheid is oor ons uitgestort; Hy het niks teruggehou nie. Hy het ons ten volle en volkome geregverdig. Ons is ten volle vergewe van sonde, volkome vry van die straf van die dood.

Omdat ons geregverdig is, ontvang ons ‘n ewige erfenis. Christus het voor ons uitgegaan om vir ons ‘n plek in die hemel voor te berei. Hy het ons verwelkom as erfgename, as ontvangers van al die beloftes van God. Ons het ‘n versekerde verwagting van die ewige lewe.

Maak nie saak wat ons gedoen het, of hoe ons van God weggevlug het nie, Hy het ‘n weg gevind vir ons om geregverdig te word. Sy barmhartigheid, vriendelikheid en liefde word deur Christus op ons uitgestort. Ons is ten volle geregverdig vanweë sy genade. Ons verlossing is nie op onsself gebaseer nie. Wat ‘n ongelooflike troos! Ons kan die versekerde verwagting van die ewige lewe hê, want Jesus het reeds die werk gedoen wat nodig is om ons verlossing en die ewige lewe saam met Hom te waarborg.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Hebreërs 11:13-16*

Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry
wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het
erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. 14 Mense wat so
praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. 15 As
hulle terug verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die
geleentheid gehad het om daarheen terug te gaan. 16 Maar hulle het na 'n beter
vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God
genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP** / *Hebreërs 11:16*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP:**

*Hebreërs 11:16*

*Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak.*

**OORDENKING**

Hebreërs 11 beskryf baie van God se mense se geloof. God het vir hulle ongelooflike beloftes gegee en vir hulle vertel hoe Hy beplan het om hulle en hul gesinne in die toekoms te seën. God het ongelooflike dinge vir en deur sy mense gedoen en Hy het al sy beloftes aan hulle nagekom. God se mense het in geloof gewandel en gelewe omdat hulle geglo het dat God se belofte groter is as hulle omstandighede.

Alhoewel God se volk in geloof gelewe het, het baie van hulle gesterf sonder om te ontvang wat beloof is. God se voornemens en beloftes is altyd vir die ewigheid, en ons kan nie die volheid van hierdie beloftes op hierdie aarde sien nie. Maar ons moet God vra vir dieselfde geloof as hierdie heiliges, om seker te wees van wat hulle nie kon sien nie, maar vol vertroue dat God altyd besig was om sy beloftes na te kom. God se mense het geweet hulle hoop sou nie ten volle in hierdie wêreld verwesenlik word nie, maar wel in die toekomstige een.

God hou baie van ons geloof. Wanneer ons harte op Hom en sy beloftes gevestig is, wys ons Hom ons geloof. Hy weet wat ons in die gesig staar en Hy wil hê ons moet Hom vertrou en ons harte gevestig hou op sy beloftes, maak nie saak wat nie.

Ons het die uiteindelike belofte om na uit te sien—Christus se wederkoms en ewigheid saam met Hom. Ons kan al ons hoop in hierdie belofte plaas. Maar, terwyl ons wag, is ons ook bereid om sy ander beloftes te glo? Soos dié van sy voorsiening, sorg, teenwoordigheid, beskerming, krag en gewilligheid om ons die begeertes van ons harte te gee?

As Hy bereid is om vir ons die grootste en beste gawe te gee, sal Hy nie ook vir ons hierdie dinge gee nie? Hoop in sy wederkoms is die beginpunt vir al ons hoop. Want al sien ons dalk nie al sy beloftes tot vervulling kom in hierdie leeftyd nie, kan ons aansluit by geslagte van God se mense wat uitsien na hulle hemelse tuiste en die vervulling van al sy beloftes.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Waarom is die opstanding van Christus die grondslag van ons as Christene se geloof?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

2. *Is dit vir jou aanloklik om jou hoop na iets anders as God se beloftes te verskuif? Indien wel, wat is dit waarna jy aanhou teruggaan? Hoe kan jy eerstens op God se beloftes vertrou?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

3. *Wat is die doel van ons geloof? Hoe kan jy jou dae fokus rondom die doel van jou geloof?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

4. *Wat beteken dit om deur God se genade geregverdig te word?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

5. *Aan watter beloftes van God kan jy vashou en jou hoop daarop plaas terwyl jy wag vir die vervulling van die belofte van sy wederkoms?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

Hy het nie in
ongeloof begin
twyfel aan die
belofte van God nie,
maar hy is in sy
geloof versterk en
het aan God die eer
gegee. Hy was ook
ten volle daarvan
oortuig dat God
mag het om te doen
wat Hy beloof het.

Romeine 4:20–21

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week gaan ons kyk na die lewens van mans en vroue in die Skrif wat hoop in God se karakter getoon het. Hoe word jy bemoedig terwyl jy oor hulle lewens en geloof nadink? Hoe gee hulle lewens jou die vertroue dat jy ook op God kan hoop? Is enige van hierdie verhale soortgelyk aan joune?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*Romeine 4:13-25*

Dit is trouens nie omdat Abraham die wet van Moses onderhou het dat aan hom en sy nageslag die belofte gegee is dat hy die wêreld as besitting sal ontvang nie, maar omdat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het. 14 As mense deur wetsonderhouding deelgenote van die belofte sou kon word, sou die geloof sy betekenis verloor het en die belofte sy krag. 15 Die wet bring juis die straf van God, want waar daar nie 'n wet is nie, is daar ook geen oortreding van die wet nie. 16 Daarom het die belofte deur die geloof, en dus uit genade, tot Abraham gekom sodat dit van krag sou bly vir sy hele nageslag. En sy nageslag is nie net dié wat die wet ontvang het nie, maar ook dié wat glo, soos Abraham geglo het. Hy is immers die vader van ons almal, 17 soos daar geskrywe staan: "Ek het jou die vader van baie nasies gemaak." Dít is hy in die oë van God in wie hy geglo het, God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord. 18 Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: "So sal jou nageslag wees." 19 Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie. 20 Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. 21 Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het. 22 Deurdat Abraham geglo het, het God hom dus vrygespreek. 23 Dat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het, is nie net ter wille van hom opgeteken nie, 24 maar ook ter wille van ons wat vrygespreek sal word, óns wat in God glo wat vir Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het. 25 Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Romeine 4:20–21*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

**SOAP:**

*Romeine 4:20–21*

*Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het*

**OORDENKING**

God het aan Abraham 'n groot belofte gegee: Abraham sou die vader van baie nasies wees en God sou die wêreld seën deur Abraham se nageslag. Abraham het in God geglo, en deurdat hy geglo het het God hom vrygespreek. Abraham was ten volle oortuig dat God sou doen wat Hy gesê het Hy sou doen.

Maar Abraham was amper 100 jaar oud. Sy vrou was amper 90. Dit was lank verby die tyd dat hulle enige kinders kon hê, en hulle het nog nie gesien hoe God sy belofte vervul het nie. Deur God se genade het Abraham geloof gehad dat God sy belofte sou vervul.

Teen hoop, logika en begrip in, het Abraham in hoop geglo. Toe Abraham geen rede gehad het om te glo dat God dit nog sou doen nie, behalwe om oortuig te wees van God se karakter, het hy steeds hoop gehad. Hy het verstaan dat om in die hoop van God se belofte te lewe, selfs wanneer dit onmoontlik gelyk het, beter was as om daarsonder te lewe. Hy het gekies om in hoop te lewe eerder as om toe te gee aan twyfel en wanhoop en teleurstelling.

Abraham het nie in ongeloof gewankel nie. Al het hy langs die weg 'n paar twyfelagtige besluite geneem (vir konings vertel dat Sara sy suster was en 'n kind met Hagar gehad het), het hy nie opgehou glo dat God sy belofte sou nakom nie. Die feit dat hy nie gewankel het nie, het sy geloof bly versterk. Hy was ten volle oortuig dat God in staat was om te doen en sou doen wat Hy belowe het. Sy onwrikbare hoop is as geregtigheid gereken.

Abraham se hoop het gelei tot sy geloof. Omdat hy in God se belofte geglo het, het God Abraham van sonde geregverdig en hom toegelaat om verlossing te ontvang. Deur genade het Abraham geloof in God se belofte gehad en hy het verlossing ontvang.

Hoop lei ons na ware geloof. Wanneer hoop onwrikbaar is, soos Abraham s'n was, word dit geloof. Wanneer ons oortuig is dat God sal doen wat Hy sê Hy sal doen, hoop ons nie meer daarvoor nie, maar glo ons dit met sekerheid; dit is geloof. Hoop is die vertroue om in God te glo wanneer ons nie die toekoms kan sien nie, en geloof is die versekering dat ons sal ontvang waarvoor ons hoop. Soos Abraham, kan ons onwrikbare geloof hê as ons glo in hoop.

**LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

*Genesis 29:31 - 30:24*

Toe die Here sien dat Jakob nie vir Lea liefhet nie, het die Here vir haar kinders gegee, terwyl Ragel kinderloos gebly het. 32 Lea het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en hom Ruben genoem, "want," het sy gesê, "die Here het my smart raakgesien. Nou sal my man my liefhê." 33 Lea het weer swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en sy het gesê: "Die Here het gehoor dat ek nie liefde ontvang nie. Daarom het Hy my hierdie seun gegee." Sy het hom Simeon genoem. 34 Sy het weer swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Toe sê sy: "Na hierdie keer sal my man aan my gebind wees, want ek het nou al drie seuns vir hom in die wêreld gebring." Daarom het sy die seun Levi genoem. 35 Sy het nog 'n keer swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Sy het gesê: "Hierdie keer prys ek die Here." Daarom het sy die seun Juda genoem. Daarna het sy vir eers nie weer kinders gehad nie. Toe Ragel merk dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld bring nie, het sy jaloers geword op haar suster. Ragel het vir Jakob gesê: "Gee vir my seuns, anders sterf ek." 2 Jakob het hom vererg vir Ragel en vir haar gevra: "Kan ek God se werk oorneem? Dit is Hy wat sorg dat jy nie swanger word nie." 3 Ragel het vir hom gesê: "Hier is my slavin Bilha. Hou gemeenskap met haar sodat sy haar kind op my knieë in die wêreld kan bring en ek deur haar 'n kind kan hê." 4 Ragel het vir Bilha aan Jakob gegee as vrou en hy het met haar gemeenskap gehad. 5 Sy het swanger geword en vir Jakob 'n seun in die wêreld gebring. 6 Toe sê Ragel: "God het in my guns uitspraak gelewer, Hy het my gebed verhoor en vir my 'n seun gegee." Daarom het sy hom Dan genoem. 7 Bilha die slavin van Ragel het weer swanger geword en 'n tweede seun vir Jakob in die wêreld gebring. 8 Ragel het toe gesê: "Ek was in 'n bitter swaar stryd gewikkel met my suster, maar ek het gewen." Toe noem sy die seun Naftali. 9 Toe Lea besef sy bring nie meer kinders in die wêreld nie, het sy haar slavin Silpa gevat en vir Jakob gegee as vrou. 10 Sy het vir hom 'n seun in die wêreld gebring, 11 en Lea het gesê: "Nou is ek gelukkig!" Sy het die seun Gad genoem. 12 Daarna het Lea se slavin Silpa 'n tweede seun vir Jakob in die wêreld gebring, 13 en Lea het gesê: "Hoe gelukkig is ek. Die vrouens sal my Die Gelukkige noem!" Toe noem sy die seun Aser. 14 Op 'n keer het Ruben in die

**L E E S**

*Week 4 • Dinsdag*

oestyd veld toe gegaan en liefdesappels gepluk. Hy het dit vir sy ma Lea gebring.
Ragel het vir haar gesê: "Gee vir my van die liefdesappels wat jou seun gebring
het." 15 Toe vra Lea vir haar: "Is jy nie daarmee tevrede dat jy my man gevat het
nie? Wil jy nou nog ook die liefdesappels vat wat my seun gebring het?" Daarop
het Ragel geantwoord: "In ruil daarvoor mag Jakob vannag by jou slaap." 16
Toe Jakob die aand van die veld af kom, gaan Lea hom tegemoet en sê vir hom:
"Jy moet na my toe kom, want om jou te kry, het ek die volle prys betaal met
die liefdesappels wat my seun gebring het." Daardie nag het Jakob toe by haar
geslaap. 17 God het Lea se gebed verhoor, en sy het swanger geword en 'n vyfde
seun vir Jakob in die wêreld gebring. 18 Sy het gesê: "God het my 'n loon gegee
omdat ek my slavin aan my man gegee het." Toe noem sy die seun Issaskar. 19
Lea het weer swanger geword en 'n sesde seun vir Jakob in die wêreld gebring. 20
Toe sê sy: "God het hierdie keer 'n mooi geskenk aan my gegee. Nou sal my man
by my bly, want ek het ses seuns vir hom in die wêreld gebring." Toe noem sy
die seun Sebulon. 21 Daarna het sy 'n dogter in die wêreld gebring en haar Dina
genoem. 22 God het op Ragel ag geslaan en haar gebed verhoor. Hy het haar nie
langer kinderloos gelaat nie. 23 Sy het swanger geword en 'n seun in die wêreld
gebring en toe sê sy: "God het my skande weggeneem." 24 Toe noem sy die seun
Josef, "want," het sy gesê, "die Here sal my nog 'n seun gee."

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Genesis 30:22–24*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

## SOAP:

*Genesis 30:22–24*

*God het op Ragel ag geslaan en haar gebed verhoor. Hy het haar nie langer kinderloos gelaat nie. Sy het swanger geword en ‘n seun in die wêreld gebring en toe sê sy: "God het my skande weggeneem." Toe noem sy die seun Josef , "want," het sy gesê, "die Here sal my nog ‘n seun gee."*

## OORDENKING

Ragel het niks gedoen om te verdien wat God vir haar gedoen het nie. Ons sien geen aanduiding van haar geloof soos ons met Abraham gesien het nie. Ragel het selfs ander gemanipuleer en gebruik om te probeer kry wat sy van God wou hê. Maar God het in elk geval van haar kennis geneem. Sommige vertalings sê "God het Ragel onthou." Al is daar geen melding van Ragel wat geloof toon te midde van haar verlange nie, het God haar steeds onthou.

Ragel het hoop gehad dat sy eendag ‘n seun sou hê, maar haar hoop het verander in drastiese pogings om te kry wat sy wou hê in plaas daarvan om op God se antwoord te wag. Terwyl God ons geloof begeer en tevrede is met ons geloof, word sy voornemens nie deur ons vrees of ons foute verydel nie. Selfs wanneer ons foute maak, is Hy steeds in staat om sy plan tot stand te bring.

Nadat Ragel aan Josef geboorte gegee het, het sy begin hoop. Ons word nie vertel dat sy op God se vermoë of gewilligheid vertrou het om vir haar ‘n seun te gee tot nadat Hy vir haar een gegee het nie. Maar sodra sy God se getrouheid gesien en geglo het, was sy bereid om haar hoop op Hom te plaas. Sy het geweet haar gebede is verhoor, en daarom was sy moedig om die Here vir meer te vra.

Wanneer ons die getrouheid van God aan ons onthou en opteken, is ons beter in staat om te hoop op wat Hy in die toekoms vir ons het. Ons kan sy tydsberekening, sy karakter en sy krag vertrou, selfs wanneer ons nie die toekoms kan sien nie. Hy onthou jou. Hy gee aandag aan jou. Hy gee om vir jou. ‘n Lewe vol hoop bring vreugde en vrede, selfs in die tydperk van wag.

God het die begeertes van Ragel se hart geken. Hy ken ons s'n ook. Selfs wanneer ons dink ons manier of ons tydsberekening is die beste. Selfs wanneer ons optree uit vrees in plaas van geloof. God het ‘n doel met ons lewens en ons pogings tot kortpaaie en ompaaie sal nie wat Hy beplan het, in die wiele ry nie. Laat ons ons verootmoedig onder die magtige hand van die Een wat ons geroep hoor. Kom ons gee al ons bekommernisse aan Hom oor en plaas ons hoop op sy tydsberekening en sy antwoord.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*1 Samuel 1:1-2:10*

Daar was ‘n man uit Ramatajim, ‘n Suffiet uit die Efraimsberge. Hy was Elkana
seun van Jerogam, seun van Elihu, seun van Togu, seun van Suf uit Efrata. 2 Hy
het twee vrouens gehad. Die een se naam was Hanna en die ander s’n Peninna.
Peninna het kinders gehad, maar Hanna nie. 3 Elkana het elke jaar uit sy stad uit
na Silo toe gegaan om te aanbid en aan die Here die Almagtige offers te bring.
Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, was in Silo priesters van die Here. 4 Elkana
het gewoonlik op die dag wanneer hy geoffer het, dele van die offermaaltyd aan
sy vrou Peninna en al haar seuns en dogters gegee. 5 Alhoewel hy vir Hanna
liefgehad het, kon hy vir haar elke keer net een deel gee, want die Here het
haar kinderloos laat bly. 6 Dan het die ander vrou haar baie gespot en verneder
omdat die Here haar kinderloos laat bly het. 7 So het dit jaar vir jaar gegaan:
elke keer as Hanna in die huis van die Here gaan offer het, het Peninna haar
gespot, sodat sy gehuil het en nie wou eet nie. 8 Dan sê haar man Elkana vir
haar: “Hanna, waarom huil jy? Waarom eet jy nie en waarom is jy hartseer? Is
ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?” 9 Op ‘n keer ná die offermaaltyd in
Silo het Hanna opgestaan terwyl die priester Eli op sy stoel langs die deurkosyn
van die tempel van die Here gesit het. 10 Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot
die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil. 11 Sy het ‘n gelofte afgelê en gesê:
“Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou
dink en my nie vergeet nie en aan my ‘n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U
gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie.” 12 Sy het lank tot die
Here gebid, en Eli het stip na haar mond bly kyk. 13 Hanna het in haar gedagte
gepraat, net haar lippe het geroer. Eli kon nie haar stem hoor nie, en daarom het
hy gedink sy is dronk. 14 Hy sê toe vir haar: “Hoe lank wil jy dronk bly? Loop
word eers nugter!” 15 Maar Hanna het geantwoord: “Nee, Meneer, ek is maar
net ‘n vrou wat diep terneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek
het my hart uitgestort voor die Here. 16 Moet tog nie dink ek is ‘n slegte vrou
nie. Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het.” 17 Toe sê Eli:
“Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van
Hom afgesmeek het.” 18 En sy het gesê: “Mag dit vir my wees soos u sê.” Sy het
toe geloop en gaan eet, en sy was nie meer bedruk nie. 19 Die volgende môre het
Elkana-hulle vroeg opgestaan, die Here aanbid en teruggegaan huis toe. Nadat
hulle tuis gekom het in Rama, het Elkana gemeenskap gehad met sy vrou Hanna,
en die Here het aan haar gedink. 20 By die wisseling van die jaar was Hanna
swanger. Sy het ‘n seun in die wêreld gebring en uitgeroep: “Sy naam is Samuel:
van die Here het ek hom afgesmeek!” 21 Toe Elkana en sy hele gesin gaan om
die jaarlikse offer aan die Here te bring en sy gelofte te betaal, 22 het Hanna nie
saamgegaan nie, want sy het vir haar man gesê: “Wanneer die seun gespeen is, sal
ek hom wegbring dat hy voor die Here verskyn en altyd daar bly.” 23 Haar man

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

Elkana het vir haar gesê: "Maak soos jy dit goedvind. Bly totdat jy hom gespeen het. Mag die Here sy woord bevestig!" Hanna het toe gebly en haar kind gevoed totdat sy hom gespeen het. 24 Toe sy hom gespeen het, het sy hom saamgeneem, en ook 'n driejaaroud bul, sestien kilogram meel en 'n kruik wyn. Sy het hom as klein seuntjie weggebring na die huis van die Here toe in Silo. 25 Elkana-hulle het die bul geslag en die seun na Eli toe gebring, 26 en Hanna het gesê: "Ekskuus, Meneer, u sal my nie glo nie, maar, Meneer, ék is die vrou wat hier by u gestaan het om tot die Here te bid. 27 Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het. 28 Ja, van die Here het ek hierdie kind afgesmeek, en nou sal hy sy lewe lank iemand wees wat van die Here afgesmeek is." Toe het hulle die Here daar aanbid. En Hanna het gebid: "Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Ek lag my vyande uit, ek is bly oor die uitkoms wat U gegee het. 2 Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie. 3 "Julle moenie in hoogmoed bly praat nie, moenie aanmatigende dinge sê nie, want die Here is 'n God van diepe kennis, dade word deur Hom getoets. 4 "Die boog van die magtiges is verbreek, dié wat gestruikel het, het nuwe krag gekry. 5 Wie versadig was, moet hulle nou vir brood verhuur, wie honger was, het oorgenoeg om te eet. Die onvrugbare bring sewe in die wêreld, die een met baie kinders kwyn weg. 6 "Die Here maak dood en Hy maak lewend, Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom. 7 Die Here maak arm en Hy maak ryk, Hy verneder, ook gee Hy aansien. 8 Hy laat die geringes uit die stof opstaan, Hy hef die armes op van die ashoop af om hulle by vername mense te laat sit; Hy skenk hulle 'n ereplek. Aan die Here behoort die pilare van die aarde; Hy het die aarde daarop gegrondves. 9 "Hy beskerm sy troue dienaars op hulle pad, maar die goddeloses word stil gemaak in die duisternis van die graf. 'n Mens oorwin nie deur eie krag nie! 10 Dié wat teen die Here in opstand kom, word vernietig, van bo uit die hemel verbrysel Hy hulle. Die Here spreek reg tot by die eindes van die aarde, Hy verleen krag aan sy koning, Hy gee sterkte aan sy gesalfde."

*1 Samuel 2:18-21*

Maar Samuel het die Here gedien. As 'n seun het Samuel al 'n linneskouerkleed gedra. 19 Sy ma het elke jaar vir hom 'n manteltjie gemaak en dit vir hom gebring wanneer sy saam met haar man gegaan het om die jaarlikse offer te bring. 20 Dan het Eli vir Elkana en sy vrou geseën en gesê: "Mag die Here jou uit hierdie vrou 'n nageslag gee in die plek van die seun wat van die Here afgesmeek is." Daarna is hulle weer huis toe. 21 Die Here het Hom oor Hanna ontferm, en sy het swanger geword en nog drie seuns en twee dogters gehad. Ondertussen het die seun Samuel voor die Here grootgeword.

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *1 Samuel 1:15–16*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP:**

*1 Samuel 1:15–16*

*Maar Hanna het geantwoord: "Nee, Meneer, ek is maar net 'n vrou wat diep terneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here. Moet tog nie dink ek is 'n slegte vrou nie. Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het."*

**OORDENKING**

Hanna was baie hartseer. Nog 'n jaar het verbygegaan en haar hoop om kinders te hê is steeds nie verwesenlik nie. In plaas daarvan om haar hartseer in kos of drank te verdrink, in plaas daarvan om raad of oplossings by ander vroue te soek, in plaas daarvan om haar aandag af te lei met die feesaktiwiteite, het Hanna tyd in gebed deurgebring. Terwyl sy gebid het, het Hanna God gevra vir die een ding wat haar hart die meeste begeer.

Hanna het nie haar pyn vir God weggesteek nie. Sy het haar geloof gewys deur die manier waarop sy na Hom geroep het. Haar krete dui daarop dat sy in God se goedheid en trou teenoor haar geglo het, al het sy nog sulke diep verlange en onvervulde begeertes gehad. As Hanna nie in God se karakter geglo het nie, dat Hy haar situasie kon of sou verander nie, sou sy nie gevra het nie. Haar versoeke het haar hoop getoon en haar gewilligheid om op God se antwoord te wag.

Wat vir Hanna onmoontlik gelyk het, was vir God moontlik. Hanna het so desperaat gebid dat die priester gedink het sy is dronk. Haar geloof is nie deur haar hartseer oorskadu nie; in geloof het Hanna God gevra vir die grootste begeerte van haar hart.

Nadat Hanna tot die Here geroep het, het sy nie meer hartseer gelyk nie. Sy het vrede gevind deur haar hart uit te stort by God, aan die enigste Een wat haar situasie kon verander en haar kon gee waarvoor sy gehoop het. Hanna se hoop op God se krag, karakter en vriendelikheid het daartoe gelei dat sy haar hart voor Hom uitstort. Haar begeerte was vir 'n kind, en haar hoop was gewortel in die Een wat aan haar begeerte kon voldoen.

As ons hoop daarop is dat ons begeerte vervul word, sal ons dikwels teleurgesteld wees. Maar as ons hoop in die Een is wat aan ons begeertes voldoen, kan ons voortgaan om hoop te hê, ongeag die uitkoms van ons situasie.

'n Geloof wat glo dat God net in ons behoeftes sal voorsien, is een ding, maar 'n geloof wat glo dat God ook vir ons goeie gawes wil gee, is 'n ander. Hanna het nie 'n geloof gehad wat verwag het dat God haar net die minimum sou gee wat nodig is vir oorlewing nie. Sy het vertrou op God se vermoë en gewilligheid om uit sy vrygewige genade vir haar oorvloedige goeie gawes te gee. Kom ons plaas ons hoop op Hom en sy genadige antwoord, maak nie saak wat dit mag wees nie.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*Lukas 8:43-48*

Onder hulle was ‘n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het alles wat sy gehad het aan dokters uitgegee, maar niemand kon haar gesond maak nie. 44 Sy het nader gekom en van agter af aan die soom van sy klere geraak, en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou. Jesus vra toe: 45 “Wie het My aangeraak?” Toe almal ontken dat dit hulle is, sê Petrus: “Here, die mense dring tog rondom U saam en druk teen U.” 46 Maar Jesus sê: “Iemand het My aangeraak, want Ek het agtergekom dat daar krag van My uitgegaan het.” 47 Toe die vrou sien Hy weet dit is sy, het sy van angs gebewe en voor Hom kom neerval. Daar voor al die mense vertel sy Hom toe waarom sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het. 48 Toe sê Hy: “Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede!”

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

SOAP / *Lukas 8:44, 48*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP:**

*Lukas 8:44, 48*

*Sy het nader gekom en van agter af aan die soom van sy klere geraak, en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou Toe sê Hy: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede!"*

**OORDENKING**

Hierdie naamlose vrou is 'n ongelooflike voorbeeld van ware geloof. Die geloof wat sy gehad het, het haar gesond gemaak. Sy het gesien waartoe Jesus in staat was, en dit het haar weer laat hoop. Sy het twaalf jaar lank gely en het genesing probeer vind, maar niemand kon haar help nie. Die reinheidswette in die Joodse kultuur sou haar ook onrein verklaar het weens haar bloeding. Dit het beteken dat sy nie aan sosiale aktiwiteite kon deelneem nie, by die tempel kon aanbid of met enigiemand anders in die samelewing kon kommunikeer nie. Sy was alleen, siek en arm. Dit sou amper onmoontlik wees om nie hoop te verloor in die lig van sulke hartseer nie.

Maar toe sy hoor Jesus kom, het sy weer gehoop. Sy het ook geloof gehad—die vertroue van dit waarop sy gehoop het. Sy het geglo dat Jesus in staat was om haar te genees, en sy het na sy mantel uitgereik.

As jy Magdala vandag in Israel besoek, sal jy 'n pragtige skildery vind wat hierdie toneel uitbeeld. 'n Vrou se hand steek tussen baie voete uit om aan die rand van een man se mantel te raak. Hierdie vrou het haar hand uitgesteek, vol geloof, vol vertroue dat een aanraking genoeg sou wees om haar ten volle te genees.

Hierdie vrou het dalk nie die vrymoedigheid gehad om Jesus voor 'n hele skare te nader nie. Sy was dalk nie eers vrymoedig genoeg om Jesus vir genesing privaat te vra nie. Maar sy het nie nodig gehad om vrymoedig of luid of oortuigend te wees nie. Al wat sy moes doen, was om na Jesus te reik.

Jesus het haar fisies herstel toe sy aan sy kleed geraak het. Hy het haar sosiaal herstel toe Hy in die openbaar verklaar het dat haar geloof haar gesond gemaak het. Hierdie gebeure vertoon die karakter van ons Verlosser. Hy stel nie net daarin belang om ons van sonde of pyn of moeilike omstandighede te red nie. Hy gaan verder en herstel ons op maniere wat ons nie eers besef ons nodig het nie. Hy herstel ons ten volle, selfs wanneer ons van Hom verwag om net te doen wat ons gevra het.

Ons dien 'n goeie God. Hy weet wat ons in die gesig staar. Ons hoef nie met oortuigende argumente of uitspattige beloftes na Hom toe te kom nie. Hy sien, weet en gee reeds om oor dit waardeur ons gaan. Al wat ons nodig het is genoeg geloof om na Hom te reik. Sy magtige krag sal die res doen.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*Hebreërs 11*

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. 2 Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is. 3 Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie. 4 Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood. 5 Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou. 6 As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon. 7 Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom. 8 Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. 9 Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, 10 want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is. 11 Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het. 12 Die gevolg was dat daar van een man, 'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see. 13 Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. 14 Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. 15 As hulle terug verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid gehad het om daarheen terug te gaan. 16 Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak. 17-18 Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: "Uit Isak sal jou nageslag gebore word,"

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. 19 Hy was daarvan oortuig dat
God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook,
om dit so te stel, terug ontvang het. 20 Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en
Esau geseën met die oog op die toekoms. 21 Omdat Jakob geglo het, het hy op
sy sterfbed albei die seuns van Josef geseën en tot God gebid terwyl hy op die
knop van sy kierie leun. 22 Omdat Josef geglo het, het hy kort voor sy dood
melding gemaak van die uittog van die Israeliete en opdrag gegee in verband
met sy liggaam. 23 Omdat die ouers van Moses geglo het, het hulle hom na sy
geboorte drie maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is.
Hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie. 24 Omdat Moses geglo het,
het hy toe hy groot geword het, geweier om die seun genoem te word van die
farao se dogter. 25 Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die
volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. 26 Die smaad
ter wille van die Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte,
omdat hy na die beloning uitgesien het. 27 Omdat hy geglo het, het hy Egipte
verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. Hy het volhard soos
iemand wat die onsienlike God sien. 28 Omdat hy geglo het, het hy die pasga
ingestel en die bloed aan die deurkosyne laat smeer sodat die engel van die dood
nie die eersgeborenes van Israel sou tref nie. 29 Omdat die Israeliete geglo het,
het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars
verdrink het toe hulle dit ook probeer doen het. 30 Omdat die Israeliete geglo
het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het.
31 Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik
ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was
nie. 32 En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om te vertel van
Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete. 33 Deur die
geloof het hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat
God beloof het; hulle het leeus se bekke toegestop, 34 gloeiende vuur geblus en
aan die swaard ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in oorlog
en het die leërs van vreemdes op die vlug gejaag. 35 Vroue het hulle dooies
teruggekry, opgewek uit die dood. Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle
eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter
lewe deelagtig word. 36 Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie
en gevangenskap. 37 Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met
die swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle
het gebrek gely, is verdruk en mishandel. 38 Die wêreld was hulle nie werd nie;
hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die
grond gelewe. 39 En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel
lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie, 40 omdat God vir ons iets
beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Hebreërs 11:1*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

**SOAP:**

*Hebreërs 11:1*

*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

**OORDENKING**

Geloof is om seker te wees van wat ons hoop. Dit ontwikkel uit 'n lewe wat in hoop geleef word. Wanneer ons ons hoop in die karakter van God plaas – sy liefde, goedheid, deernis, geregtigheid, barmhartigheid en heiligheid – groei dit in geloof soos ons meer en meer oortuig word van wie Hy is.

Wanneer ons ons hoop op die wederkoms van Christus plaas, het ons ons hoop geplaas op die een ding wat ons nie kan begewe nie: God se beloftes. Daardie hoop in sy wederkoms ontwikkel tot geloof soos ons groei in ons verhouding met Hom en oortuig word dat Hy is wie Hy sê Hy is en sal doen wat Hy sê Hy sal doen.

Hoe genadig van God om vir ons ontelbare voorbeelde te gee van sy getrouheid aan sy volk deur geslagte heen, waarvan baie opgeteken is in Hebreërs 11. God was getrou aan Abraham—'n man wat foute gemaak het, maar nie in ongeloof getwyfel het nie. Hy was getrou aan Ragel—'n vrou wat alles in haar vermoë gedoen het om haar situasie te verander. Hy was getrou aan Hanna—'n vrou wat hartseer was oor onvervulde begeertes en wat haar hart voor Hom uitgestort het. Hy was getrou aan die vrou wat aan bloedvloeïng gely het—wat geweet het al wat sy moes doen, was om sy mantel aan te raak. En Hy was getrou aan baie ander, sommige wat gesien het hoe hulle begeertes verwesenlik is en sommige wat nog gewag het dat sy belofte vervul sou word toe hulle gesterf het.

Maak nie saak wat ons in die gesig staar, hoe ons reageer of wat ons voel nie, God kan dit hanteer. Hy kan die bekke van leeus toemaak en Hy kan onvrugbare moederskote oopmaak. Hy kan die dooies opwek en leërs verslaan. Hy kan ons trane hanteer en Hy kan deur ons foute werk.

God het ons geloof lief. Hy wil hê ons moet glo dat Hy in staat en gewillig is om te doen wat Hy belowe het. Hy het ons oor en oor gewys hoe getrou Hy is. Mag ons in ruil vir Hom ons geloof wys terwyl ons seker bly van wat ons hoop, aangesien ons die vertroue het om op Hom te wag wanneer ons nie die toekoms kan sien nie.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Het jy al ooit in ongeloof gewankel? Het jou geloof 'n impak of God sy beloftes sal nakom of nie?*

   ..................................................

   ..................................................

   ..................................................

2. *Hoe het jy nodig dat God jou onthou of van jou kennis neem in hierdie seisoen? Probeer jy om dinge met jou eie krag te bereik, of is jy in staat om in God te rus en sy tydsberekening te vertrou?*

   ..................................................

   ..................................................

   ..................................................

3. *Voel jy ooit dat jy God moet oortuig om jou gebede te beantwoord? Hoekom of hoekom nie?*

   ..................................................

   ..................................................

   ..................................................

4. *Hoe het God jou sy getrouheid in hierdie seisoen gewys? Hoe kan jy vandag vir Hom jou geloof wys terwyl jy op Hom wag of sy goedheid vier?*

   ..................................................

   ..................................................

   ..................................................

5. *Hanna het na God geroep in haar pyn en nood. Neem 'n paar minute om vandag na God te roep en deel eerlik met Hom oor wat jy in die gesig staar en wat jy nodig het en begeer.*

   ..................................................

   ..................................................

   ..................................................

Julle
geloofsvertroue
moet julle dus
nie prysgee nie:
dit hou groot
beloning in.
Volharding is
wat julle nodig
het om die wil
van God te doen
en te ontvang wat
Hy beloof het.

Hebreërs 10:35–36

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Volharding help ons om ons hoop op die goedheid van God te plaas wanneer ons omstandighede vir ons sê om op te gee. Deur watter omstandighede wandel jy op die oomblik? Is jou omstandighede hopeloos of hoopvol? Hoe kan jy groei in volharding soos jy deur hierdie seisoen wandel, hetsy dit vol uitdagings of seëninge is?*

## LEES

*Week 5 • Maandag*

*Jakobus 1:2-8*

My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3
want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat
om te volhard. 4 En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot
volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming. 5 As een van julle
wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want
God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. 6 Maar 'n mens moet
gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die
see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. 7-8 So 'n mens wat
altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat
hy iets van die Here sal ontvang nie.

*Jakobus 1:12*

Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet.

## SOAP

*Week 5 • Maandag*

SOAP / *Jakobus 1:2–4*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Maandag*

**SOAP:**

*Jakobus 1:2–4*

*My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want soos julle weet as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom sonder enige tekortkoming.*

**OORDENKING**

Hoop is die vertroue om op God te wag wannneer ons nie die toekoms kan sien nie. Soms het daardie wag 'n voorspelbare einddatum – soos die voltooiing van 'n projek of die geboorte van 'n baba. Soms voel daardie wag eindeloos soos om vir 'n huweliksmaat te wag of te wag vir genesing van chroniese pyn, maar wanneer ons wag bou ons volharding.

Ons weet dat ons as gelowiges in Christus uiteindelik op sy wederkoms wag en wag om die ewigheid saam met Hom deur te bring. Terwyl ons wag op die volheid van verlossings, bou ons volharding. Al die dinge waarvoor ons intussen wag bou ook volharding in ons.

Het jy al ooit 'n maraton gehardloop of gekyk? Die hardlopers wat eerste eindig lyk skaars moeg nadat hulle 26.2 myl gehardloop het. Hulle het jare spandeer om volharding te bou. Hulle is gewoond daaraan om vir lang tye lyding te ervaar. Die hardlopers wat aan die einde van die wedloop eindig lyk baie anders. Hulle is bedek met sweet, haal swaar asem en val dalk selfs om (ek weet dit uit ondervinding). Al die hardlopers ding mee in die wedloop. Hulle ontvang almal 'n wedloop t-hemp en 'n deelnamemedalje, maar diegene wat beter opgelei is sal met meer gemak en selfvertroue hardloop aangesien hulle weet dat hulle sal klaarmaak.

Die beproewinge wat ons in die lewe in die gesig staar is soos opleiding vir 'n maraton van ons lewens. Hulle help ons om volharding te bou wat weer karakter en hoop voortbring. Dit neem tyd om volharding te bou. Dit gebeur nie oornag of met een moeilike ervaring nie, maar deur ons volharding deur lyding te bou word ons vervolmaak.

Soos ons seisoene van lyding en seisoene van wag verduur, bou God ons om te volhard. Ons kan vertrou dat Hy werk in alles waardeur Hy ons bring. Hy wil nie hê dat ons enigeiets tekort kom nie. Hy wil hê ons moet die geloofswedloop hardloop soos die eeste voltooiers van 'n maraton: vol vertroue, dat ons die welkoop sal kan voltooi vol vreugde.

Om te wag is nie maklik nie, maar God belowe dat as ons volhard Hy ons 'n kroon van die lewe sal gee. Hou aan om te hardloop. Hou aan om volharding vir die koninkryk te bou terwyl jy voortgaan om in hoop te lewe.

## LEES

*Week 5 • Dinsdag*

*Hebreërs 10:32-39*

Dink terug aan vroeër dae toe God julle tot die lig gebring het, hoe julle in die
stryd staande gebly het toe julle baie moes ly. 33 Deels is julle deur beledigings en
vervolging openlik tot bespotting gemaak en deels het julle gely omdat julle julle
vereenselwig het met ander wat hierdie dinge oorgekom het. 34 Julle het met die
gevangenes meegevoel gehad, en toe op julle besittings beslag gelê is, het julle dit
met blymoedigheid aanvaar omdat julle geweet het dat julle 'n besitting het wat
beter en blywend is. 35 Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit
hou groot beloning in. 36 Volharding is wat julle nodig het om die wil van God
te doen en te ontvang wat Hy beloof het. 37 Nog net "'n kort, kort tydjie, en
Hy wat kom, sal kom en nie talm nie. 38 En wie deur My vrygespreek is omdat
hy glo, sal lewe; maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie." 39 Maar
ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe.

*1 Petrus 5:5-11*

En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet
trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want "God weerstaan die
hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." 6 Onderwerp julle daarom
in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op
die tyd wat Hy bestem het. 7 Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy
sorg vir julle. 8 Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond
soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. 9 Bly standvastig in
die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet
julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. 10 God wat alle genade gee
en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid,
sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk
en standvastig maak. 11 Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.

## SOAP

*Week 5 • Dinsdag*

SOAP / *Hebreërs 10:35–36*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Hebreërs 10:35–36*

*Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou groot beloning in. Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.*

**OORDENKING**

Die vroë kerk het vervolging ervaar. Baie gelowiges is gevange geneem en selfs doodgemaak omdat hulle Jesus as Here verkondig het. Die skrywer van Hebreërs het hulle aangemoedig om standvastig te bly. Al het hulle groot verlies op aarde in die gesig gestaar, kon hulle uitsien na wat kom. Hy het hulle herinner aan die belofte van God – dat Christus sou terugkeer en alle dinge sou herstel, maar intussen terwyl hulle gewag het en vervologing en ontbering gely het moes hulle voorgaan om deur geloof te lewe. Hulle moes volhard.

Het jy jouself al ooit in 'n lang, moeilike seisoen van lyding bevind? In hierdie seisoene kan dit so aanloklik wees om ons hoop op te gee. Ons hoop in Christus voel dalk onwrikbaar en standvastig, maar dit is slegs deur lyding dat dit beproef en versterk word. Sonder lyding ontwikkel ons nooit blywende hoop nie.

God wil hê dat ons hoop in sy karakter en sy beloftes moet hê—almal van hulle! Ons hoop en bid dikwels vir dinge wat God belowe het, soos vrede, voorsiening of die begeertes van ons harte en vind ons hoop verpletter of ons gebede onbeantwoord. Wanneer dit gebeur moet ons nie ons vertroue weggooi nie. Die vyand van ons siele wil hê ons moet die leuen glo dat God nie sy beloftes nakom nie. As hy ons kan laat glo dat God een belofte sal verbreek, dan laat ons hom toe om ons te oortuig dat al God se beloftes verbreek kan word. Ons vertroue in God se beloftes – al sy beloftes – moet volhard.

Ons vertroue is kosbaar en ons moet dit bewaar. Ons moet elke dag en elke oomblik besluit om aan te hou om God op sy Woord te neem. Dit is 'n daaglikse stryd om standvastig te bly. Jy verduur dalk nie vandag fisiese vervolging soos die vroeë kerk het nie, maar daar is 'n vyand wat aktief probeer om jou te kry om God se beloftes te bevraagteken. As hy 'n vastrapplek kan kry en ons kan oortuig dat God se goedheid onbetroubaar is, dan sal hy sekerlik probeer om ons te kry om ons verlossing te ontken of te twyfel aan die belofte van vergifnis of van Christus se wederkoms.

Kom ons bly vandag standvastig deur vas te hou aan die beloftes van God. Laat ons volhard en vol vertroue bly, maak nie saak wat ons in die gesig staar nie, want ons weet dat ons eendag al sy beloftes ten volle sal verwesenlik. Hy kom al sy beloftes na; behou jou vertroue in Hom.

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

*Hebreërs 12:1-3*

Terwyl ons dan so ‘n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las
van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop
wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, 2 die oog gevestig op Jesus, die
Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die
vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug
te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. 3 Hou Hom
voor oë wat so ‘n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan
sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

## SOAP

*Week 5 • Woensdag*

SOAP / *Hebreërs 12:1–3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Woensdag*

**SOAP:**

*Hebreërs 12:1–3*

*Terwyl ons dan so 'n skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en die Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.*

**OORDENKING**

Jesus het voor ons uitgegaan. Hy is die Een wat 'n volmaakte lewe gelei het, vry van sonde en vol gehoorsaamheid aan God. Hy het die ergste versoeking, die grusaamste straf en skeiding van God verduur sodat ons dit nie hoef te doen nie. Hy het die kruis verduur sodat ons uit genade deur geloof gered kan word.

Terwyl ons in ons geloofswedloop voortgaan moet ons ook volhard, maar ons sal nie gevra word om iets te verduur wat ons Verlosser nie reeds verduur het nie. Hy het lyding, verwerping en skaamte verduur sodat ons met God versoen kon word. As gevolg van sy volharding het ons nou 'n advokaat wat aan die regterhand van God sit. Wanneer ons onthou wat Hy vir ons gedoen het, gee dit ons volharding en krag om in hoop voort te gaan.

Om in hoop te lewe en in ons geloof voort te gaan moet ons self ontslae raak van dit wat ons verhinder, met volharding hardloop en ons oë op Jesus hou. Ons laat sonde agter, evalueer ons keuses op grond van die Skrif en raak ontslae van enigiets wat ons van God af weghou. Wat ook al jou geloof belemmer, gooi dit weg. Ons hardloop met volharding deur nie moed op te gee nie. Maak nie saak wat ons in die gesig staar nie, ons hou vas aan God se beloftes terwyl ons ly sodat ons volharding in ons geloof bou en ons hou ons oë op Jesus gerig. Deur ons lewens op Hom te fokus onthou ons alles wat Hy vir ons gedoen het. Om ons oë op Jesus te hou help ons wanneer ons moeg word en wil tou opgooi. Ons doen dit deur die Skrif te lees, konstant te bly in gebed en in gemeenskap te leef.

Jesus het lyding verduur ter wille van ons. Ons is slegs in staat om lyding te verduur as gevolg van wat Hy vir ons gedoen het. Sonder sy opoffering sou ons geen rede hê om te hoop nie. Soos ons volhard, toon ons ons hoop in God se karakter en sy beloftes. Ons is getuies vir die wêreld van geloof en hoop. Mag ons getrou verduur en vir die wêreld wys die rede vir die hoop wat ons het.

**LEES**

*Week 5 • Donderdag*

*2 Korintiërs 1:3-11*

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die
Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. 4 In
elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in
allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging
waarmee God ons bemoedig, 5 want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding
is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur
Christus. 6 As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan
word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk, sodat
julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur. 7 En wat julle
betref, het ons 'n vaste verwagting: ons weet dat net soos julle saam met ons deel
het aan die lyding, julle ook aan die bemoediging deel het. 8 Ons wil hê, broers,
dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind
het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons
selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. 9 Trouens, dit het vir ons gevoel asof
die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie
op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe. 10
Dit is Hy wat ons uit so 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op
Hom is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red. 11 Daartoe werk julle mee
deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en
dan sal baie Hom vir ons dank.

## SOAP

*Week 5 • Donderdag*

SOAP / *2 Korintiërs 1:9–11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP:**

*2 Korintiërs 1:9–11*

*Trouens dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe. Dit is Hy wat ons uit so 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red. Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring en dan sal baie Hom vir ons dank.*

**OORDENKING**

Paulus en sy metgeselle het sulke erge lyding verduur dat hulle seker was dat hulle nie sou oorleef nie. Maar later kon Paulus verstaan dat die doel van hulle lyding was sodat hulle op God sou staatmaak en nie op hul eie krag om hulle te red nie. Paulus het erken dat God se bevryding nie 'n eenmalige gebeurtenis was nie, wat beteken dat lyding nie 'n eenmalige gebeurtenis was nie. Hy het geweet dat hy weer sou ly, maar hy was ook vol vertroue dat God hom weer sou verlos.

Hierdie gedeelte wys vir ons die menslike reaksie op lyding. Ons is nie bedoel om alleen te ly nie. Paulus het oor sy lyding gepraat sodat hy deur ander gelowiges deur hulle gebede gehelp sou word. Hy het geweet dat gebed kragtig was en dat sy broers en susters hom in lyding kon troos deur hom in gebed op te dra.

God is die skepper van ons siele. Hy weet hoe om ons die beste te troos. Omdat ons vertroosting van God ontvang wanneer ons swaarkry, kan ons op ons beurt ander vertroos. Ons vind vertroosting in Christus omdat ons weet dat Hy op dieselfde manier gely het as wat ons ly. Ons kan ander vertroos deur hulle te verseker dat die God wat ons in ons lyding getroos het, dieselfde vir hulle sal doen. Wanneer ons hul pyn erken, laat dit ons toe om die blywende, ware hoop wat ons in Christus het te deel.

Net soos lyding iets is wat ons saam doen as die liggaam van Christus, so is blydskap. Wanneer ander Christene by Paulus aangesluit het in gebed kon hulle ook bly wees en God dank vir die verhoor van hulle gebede.

Ons lyding dryf ons om van God afhanklik te wees en nie onsself nie en dit behoort ons na dieper gemeenskap met die liggaam van Christus te dryf terwyl ons vir mekaar bid en vertroos. Ons volhard meer ten volle wanneer ons dit in die liggaam van Christus doen. Ons hoef nie alleen te ly nie en ons kan inspring en ander help wanneer hulle swaarkry. Ons bou volharding die beste saam as 'n liggaam van Christus. Kom ons vra vir hulp, vertroos mekaar en volhard saam.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

*2 Korintiërs 4:7-18*

Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat
alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. 8 In alles word ons verdruk,
maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; 9
ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar
nie vernietig nie. 10 Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam,
sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. 11 Voortdurend
word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons
sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word. 12 Dit beteken dat in ons
die dood aan die werk is, maar in julle die lewe. 13 Daar staan in die Skrif: "Ek
het geglo, daarom het ek gepraat." Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek,
en ons glo, daarom praat ons ook. 14 Ons weet immers dat God, wat die Here
Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam
met julle voor sy troon sal stel. 15 Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die
genade van God steeds meer mense kan bereik. Dan word die dankgebede ook
meer, en God ontvang die eer. 16 Om hierdie rede word ons nie moedeloos
nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag
vernuwe. 17 Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit
loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. 18
Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die
sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

## SOAP

*Week 5 • Vrydag*

SOAP / *2 Korintiërs 4:8–10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Vrydag*

**SOAP:**

*2 Korintiërs 4:8–10*

*In alles word ons verdruk, maar ons is nie teneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie. Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.*

**OORDENKING**

Hoop is die vertroue om op God te wag wanneer ons nie die toekoms kan sien nie. Volharding hou aan om ons hoop op die goedheid van God te plaas wanneer ons omstandighede vir ons sê om op te gee. Toe Paulus aan die gemeente in Korinte geskryf het, het hy hulle herinner aan hoe volharding gelyk het. Hy het hulle aangemoedig om die lyding wat hulle ervaar te verduur, te bly hoop op wat ewig is en nie op wat hulle kan sien nie.

Om in hoop te lewe is ‘n stryd wat voortdurende krag en deursettingsvermoë verg. Die duiwel, sowel as ons eie twyfel en vrese kan ons beïnvloed en ons in die versoeking bring om hoop te verloor. Ons ervaar dalk moeilikheid, maar ons kan steeds in hoop lewe wanneer ons swaarkry. Paulus het die gemeente in Korinte herinner aan die hoop wat hulle gehad het deur hulle te vertel wat waar is: hulle het moeilikheid ervaar, maar nie genoeg om hulle te verpletter nie; hulle was verward oor hul omstandighede, maar nie tot wanhoop gedryf nie; hulle is deur hulle vyande vervolg, maar nooit deur God in die steek gelaat nie; hulle is platgeslaan, maar nie vernietig nie.

Die rede waarom hulle nie verpletter, wanhopig, verlate of vernietig is nie, was dat hulle hul hoop onthou het. Deur die karakter van God en die belofte van Christus te onthou en te glo, het hulle elke dag sy dood saam met hulle gedra. Hulle het nooit opgehou om in die lig van die waarheid te lewe nie. Dit het hulle toegelaat om getuies te wees vir diegene rondom hulle wat Christus nie geken het nie.

Selfs te midde van lyding kan niks God se voornemens tot niet maak nie. Geen hoeveelheid teenstand, vervolging, swaarkry of lyding kan God se plan verander nie. Terwyl Hy aan ons getrou is kan ons getrou aan Hom wees terwyl ons lyding verduur deur in hoop te volhard. Wanneer ons aanhou om ons geloof in Christus te plaas en sy dood en alles wat Hy vir ons gedoen het onthou, leef ons in oorwinning. Die lyding wat ons vandag verduur is in werklikheid net lig en kortstondig in vergelyking met die uitnemende grootheid van saam met Hom wees. Die uitnemende vreugde om Christus te ken sal altyd groter wees as ons pyn en lyding en groter as ons stryd en hartseer.

## OORDENKING

*Week 5*

1. *Is jy tans in 'n seisoen van lyding of beproewing? Hoe kan jy volharding ontwikkel terwyl jy op God wag om op te tree?*

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

2. *Is daar 'n belofte van God wat jy sukkel om te glo? Hoekom is dit vir jou moeilik om in hierdie belofte te glo?*

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

3. *Is daar tans iets wat jou geloof belemmer? Wat is dit? Hoe sal jy dit vandag afgooi sodat jy kan voortgaan om die geloofswedloop te hardloop?*

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

4. *Saam met wie kan jy lyding in hierdie seisoen verduur? Wie verduur tans lyding wat geseën sal word as jy langs hulle kom en saam met hulle dit verduur? Wie kan jy in jou seisoen van lyding innooi om saam met jou dit te verduur?*

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

5. *Volharding hou aan om ons hoop op die goedheid van God te plaas wanneer ons omstandighede vir ons sê om op te gee. Wat sê jou omstandighede vir jou nou? Hoe kan jy volhard ten spyte van wat rondom jou gebeur?*

....................................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................

Hierdie hoop besit
ons as 'n veilige
en onbeweeglike
lewensanker, wat
agter die voorhangsel
vas is. Daar het
Jesus, ons Voorloper,
ter wille van ons
ingegaan, en Hy is
vir ewig Hoëpriester
volgens die orde
van Melgisedek.

Hebreërs 6:19–20

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Waarom is hoop 'n anker vir ons siele? Wat het jy in die afgelope paar weke oor hoop geleer wat jou begrip van God se karakter verander het? Hoe het Hy jou geloof verdiep en jou volharding versterk? Teken sy getrouheid aan en onthou sy goedheid!*

## LEES

*Week 6 • Maandag*

*Job 3:25-26*

Wat ek gevrees het, het oor my gekom; waarvoor ek bang was, het my getref. 26
Ek het geen rus en geen vrede nie, geen verposing nie, net angs."

*Job 6:11-12*

"Het ek nog die krag om dit uit te hou? Kan ek nog geduldig op my einde wag?
12 Is ek dan so sterk soos klip, is ek van brons gemaak?

*Job 9:14-20*

Sou ek kon antwoord op wat Hy vra? Hoe sou ek my woorde teen Hom kies?
15 Al was my saak reg, sou ek nog nie kon antwoord op wat Hy vra nie, ek sou
Hom, my Regter, net om genade kon smeek. 16 As ek na Hom sou roep en Hy
my sou antwoord, sou ek nie kon glo dat Hy my gehoor het nie, 17 want dit is
Hý wat my met 'n stormwind pynig, wat my baie wonde slaan sonder dat ek dit
verdien, 18 wat my nie 'n kans gun om asem te skep nie, maar my deurdrenk met
bitter lyding. 19 As dit gaan oor krag, is Hý die sterke, as dit gaan oor reg, wie
anders as Hý kan 'n klag teen my inbring?" 20 "Al is my saak reg, my woorde sou
my skuldig maak; al is ek ook onskuldig, ek sou oor my woorde veroordeel word.

*Job 13:15*

Al sou God my doodmaak, ek kan nie wag nie, ek moet my saak vir Hom stel.

*Job 42:12-15*

Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste:
hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste
en 'n duisend donkies gekry, 13 en ook sewe seuns en drie dogters. 14 Die oudste
dogter het hy Jemima genoem, die tweede Kesia en die derde Keren-Puk. 15
Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie. Hulle pa het
hulle saam met hulle broers laat erf.

## SOAP

*Week 6 • Maandag*

SOAP / *Job 13:15*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Maandag*

**SOAP:**

*Job 13:15*

*Al sou God my doodmaak, ek kan nie wag nie, ek moet my saak vir Hom stel.*

**OORDENKING**

Job was ‘n getroue dienaar van God, maar God het Satan toegelaat om al Job se besittings, sy kinders en self sy gesondheid te neem. Job was verpletter, net soos ons almal in die aangesig van so verskriklike verlies sou wees. Wat hy die meeste gevrees het, het met hom gebeur. Hy het al sy krag verloor en van angs uitgeroep. Hy het sy gevoel uitgespreek dat daar geen sin was om voort te gaan nie, geen sin om aan te gaan nie, om te wag vir herstel of genesing of vrede nie. Hy het gedink God benadeel hom sonder rede. In sy verlies het hy vergeet dat God goed en vol deernis en barmhartigheid was. God het toegelaat dat Job geweldige verlies ervaar, maar nie om die redes waarom Job gedink het nie.

Job was eerlik en rou met God, het vrae gevra en om hulp geroep. Job het geweet dat hy nie in sonde gewandel het nie, so hy kon nie verstaan hoekom dit gelyk het of God hom gestraf het nie. Tog het Job groot geloof gehad, wetende dat hy steeds op God sou hoop maak nie saak wat nie. Job was ’n regverdige man, maar hy was nie God nie. God het ‘n groter doel met sy lyding gehad. Hy het geweet dat al sou God hom doodmaak, hy steeds op God kon hoop. Hy was steeds die enigste ware bron van lewe en die enigste Een wat sy hoop waardig was.

God het nie probeer om Job te vernietig nie. Daar was ’n baie groter doel vir Job se verlies. God het Job toegelaat om verlies te ervaar om vir Satan te wys hoe getrou Job aan Hom was. God het Job ná sy verlies herstel. Job was getrou en het God nie te midde van sy lyding verloën nie, maar dit was nie hoekom God hom herstel het nie. God het toegelaat dat Job herstel word om sy ongelooflike goedhartigheid en barmhartigheid te toon.

Is ons getrou aan God te midde van verlies? Ons kan eerlik met God wees, ongeag wat ons in die gesig staar. Maar ons kan nie uit die oog verloor wie Hy is nie. Ons weet Hy is altyd goed en liefdevol en vriendelik, en ons kan altyd hoop in Hom vind. Daar is dalk ’n groter geestelike, ewige doel vir ons verlies, een wat ons dalk nooit op hierdie aarde sal sien nie. Kom ons volhard soos Job, maak nie saak wat nie, en verkondig met vrymoedigheid: “Selfs al… Ek sal my hoop op Hom stel.”

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

*Psalm 62*

Vir die koorleier. ‘n Belydenis. ‘n Psalm van Dawid. 2 Net by God vind ek rus,
van Hom kom my redding. 3 Net Hy is my rots en my redding, my veilige
vesting, sodat ek vas en stewig staan. 4 Hoe lank wil julle almal nog beskuldigings
bly slinger en my probeer doodmaak, ‘n man wat reeds is soos ‘n muur wat wil
omval, ‘n klipmuur wat omgestoot word? 5 Hulle probeer my uitwerk; hulle
skep behae in leuens; met die mond seën hulle, in die hart vervloek hulle. Sela
6 Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek. 7 Net Hy is my rots en my
redding, my veilige vesting, sodat ek stewig staan. 8 God is my redding en my
krag. Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug. 9 Vertrou altyd op Hom,
my volk, stort julle hart voor Hom uit! God is vir ons ‘n toevlug. Sela 10 Mense
is verganklik, mense is niks: op ‘n skaal wys hulle geen gewig nie, saam is hulle
minder as niks. 11 Moenie op geweld vertrou nie; roof sal jou niks in die sak
bring nie. As jou rykdom toeneem, moenie dat dit jou te na aan die hart lê nie.
12 Een ding het ek God hoor sê, nee, twee: dat net God mag het 13 en ‘n mens
net op U, Here, kan vertrou, en dat U met elkeen handel volgens sy verdienste.

## SOAP

*Week 6 • Dinsdag*

SOAP / *Psalm 62:6–9*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Psalm 62:6-9*

*Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek. Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek stewig staan. God is my redding en my krag. Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug. Vertrou altyd op Hom, my volk, stort julle hart voor Hom uit! God is vir ons ‘n toevlug.*

**OORDENKING**

Hoop is ‘n pragtige geskenk, maar dit kan aanloklik wees om hoop te vermy omdat ons teleurstelling vrees. Wanneer ons hoop op God is, in sy oneindige liefde en genade, sal hoop ons nie teleurstel nie.

Om ons hoop uit te leef is nie ’n maklike taak nie. Dit verg groot geloof, uithouvermoë en moed. Ons sal voortdurend in die versoeking kom om hoop te verloor, om aan te beweeg, om op te gee. As ons hoop op God se karakter en die belofte van verlossing vas is, moet ons hoop in al God se beloftes net so onbeweeglik wees. As die vyand ons kan oortuig dat een van God se beloftes ons hoop onwaardig is, wat keer ons om te twyfel en hoop te verloor in al sy beloftes?

Psalm 62 herinner ons om standvastig te bly in ons hoop. Ons moet wag vir God en God alleen om ons te vul, in ons behoeftes te voorsien en sy liefde aan ons te wys. Hy is die enigste Een wat ware hoop bied. Hy is ons hoop waardig en Hy is die moeite werd om voor te wag. Mag daar nooit van ons gesê word dat as ons net ’n bietjie langer gehoop het, ons die volheid van sy goedheid of voorsiening sou gesien het of gebed verhoor het nie.

Die manier waarop ons verduur is deur te onthou: Hy was getrou in die verlede; Hy het ons op wonderbaarlike maniere verlos wat net Hy kan doen. Wanneer ons sy getrouheid onthou, vind ons die krag om te volhard.

God sal ons nie straf omdat ons ons hoop op iets waardeloos stel nie, maar Hy sal ons korrigeer om ons nader aan Homself te trek. Hy is die enigste Een wat ons hoop waardig is, die enigste Gewer van goeie gawes, en die enigste Een wat ons nooit sal teleurstel nie. Hoop is ’n geskenk, ’n goeie geskenk van ’n goeie God. Laat ons nie hoop vermy in ’n poging om teleurstelling te voorkom nie. Kom ons wees moedig en hoopvol, en erken dat hoop ’n pragtige geskenk is, en ons kan die Gewer ten volle vertrou.

**LEES**

*Week 6 • Woensdag*

*Romeine 12*

En nou doen ek ‘n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van
God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik
is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. 2 Julle moenie
aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur
julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God
is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. 3 Kragtens die genade wat
aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as
wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in
ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. 4
Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. 5
Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede
van mekaar. 6 Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade
wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons
dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. 7 As dit is om te
dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. 8 As dit
is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder
bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help,
dan met blymoedigheid. 9 Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en
hou vas aan wat goed is. 10 Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys
eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. 11 Moenie in julle
toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. 12 Verbly julle in die
hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. 13 Help die medegelowiges
in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. 14 Seën julle vervolgers, ja, seën
hulle, moet hulle nie vervloek nie. 15 Wees bly saam met dié wat bly is en treur
saam met dié wat treur. 16 Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig
wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. 17 Moenie
kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. 18 As dit
moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. 19 Moenie
self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar
staan immers geskrywe: “Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld,” sê die Here.
20 “As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om
te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.” 21 Moet
jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

## SOAP

*Week 6 • Woensdag*

SOAP / *Romeine 12:2, 12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Woensdag*

**SOAP:**

*Romeine 12:2, 12*

*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.*

**OORDENKING**

As gelowiges in Christus is ons nie ons eie nie. Ons behoort aan God en ons lewens moet 'n voortdurende offer vir Hom wees. Ons doen dit deur nie toe te laat dat ons deur die wêreld beïnvloed word nie. In plaas daarvan moet ons voortdurend ons gedagtes vernuwe sodat hulle gefokus is op wat waar, edel, reg, rein, lieflik, bewonderenswaardig, voortreflik en lofwaardig is (Filippense 4:8).

Wanneer ons ons gedagtes gefokus hou op die dinge van God, is ons beter in staat om sy wil te onderskei en te verstaan. Dit beteken nie dat God vir ons die toekoms sal vertel nie, maar Hy sal ons wysheid en onderskeidingsvermoë gee terwyl ons deur ons dae gaan. Hy sal ons help om keuses te maak wat Hom en ander eer.

Wanneer ons verstand deur die Gees vernuwe word, wanneer ons bid vir geestelike wysheid en begrip, sal God ons lei in die regte aksie. Al gee God nie vir ons spesifieke opdragte in die Skrif oor elke besluit wat ons in die lewe in die gesig staar nie, belowe Hy om ons te lei terwyl ons wandel in gehoorsaamheid aan sy geopenbaarde wil in die Bybel.

Soms hoop ons op een ding en God bring iets anders tot stand. Ons mag dalk hoopvol wees dat 'n verhouding tot die huwelik sal lei, maar selfs al dien dit nie, sal God die ervaring gebruik om ons daardeur te laat groei en ons geloof te versterk. Miskien hoop ons op 'n nuwe werk, maar in plaas daarvan werk God deur ons om 'n medewerker se hart te verander. Ons kan dalk op goeie gesondheid hoop, maar namate ons fisiese lyding verduur en op God vertrou, leer 'n familielid Christus ken. Hoop is om vol vertroue te wees dat ons God se goedheid in ons lewens sal sien, hetsy deur die uitkoms wat ons begeer of deur 'n ander goeie gawe.

Maak nie saak wat die uitkoms is nie, ware hoop sal altyd tot vreugde lei. Dit sal ons altyd die krag gee om lyding te verduur. Dit sal ons altyd dryf om in gebed te volhard. Hoop sal ons altyd lei om bly te wees in die goedheid van God. Soos ons ons verstand vernuwe, gehoorsaam word aan sy geopenbaarde wil in die Skrif, sal Hy ons in staat stel om te weet wat Hy wil hê ons moet doen in spesifieke situasies. Soos ons dit doen, hou ons hoop geanker in sy beloftes en nie in die uitkoms van ons situasie nie.

## LEES

*Week 6 • Donderdag*

*Genesis 3:1-7*

Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?” 2 Die vrou het die slang geantwoord: “Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. 3 God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons.” 4 Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.” 6 Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. 7 Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere.

*1 Timoteus 6:17-19*

Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. 18 Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. 19 So vergader hulle vir hulle ‘n skat as ‘n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.

## SOAP

*Week 6 • Donderdag*

SOAP / *1 Timoteus 6:17–19*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP:**

*1 Timoteus 6:17-19*

*Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie, Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.*

**OORDENKING**

Om ons hoop op God te plaas is nie altyd maklik nie. Daar sal tye wees wanneer dit onprakties, onmoontlik of langsaam voel om op God te wag. Daardie oomblikke wanneer ons op ons eie maniere verlos kan word (soos dit lyk) in plaas daarvan om op God te wag om namens ons op te tree, is die tye wanneer ons hoop saak maak.

Daar sal altyd dinge wees wat ons nodig het en wil hê. God belowe om vir ons te voorsien en om ons die begeertes van ons harte te gee. Hy is goed en betroubaar en getrou, maar ons is dikwels ongeduldig. Selfs Eva, wat daagliks met God gewandel het en al haar behoeftes in die tuin gehad het, wou iets meer hê. In plaas daarvan om na te dink en te besef dat wat sy wou hê nie van God was nie, het sy Satan se leuens geglo en dwaas opgetree. Eva het aan God se woorde getwyfel; sy het haarself vertrou in plaas van haar God.

Die maklikste manier om ons hoop te laat verloor, is om te bevraagteken wat God gesê het. Wat God gesê het, kan ons glo. Wanneer die vyand ons met twyfel en vrees verlei, moet ons onthou wat God in geloof in ons harte geplant het.

Ons hoop is in ons God, sy beloftes en Christus se wederkoms. Wanneer ons ons hoop op die rykdom van die wêreld plaas, sal ons altyd teleurgesteld wees. Maar hoop gegrond in Christus sal nooit misluk nie, want dit is gewortel in die ewige, onvoorwaardelike liefde van God.

Om vrygewig te wees met wat God ons gegee het, is een manier waarop ons ons hoop kan uitleef. Vrygewigheid herinner ons daaraan dat wat ons het nie aan ons behoort nie, en dit is nie waar ons hoop gevind word nie. Dit is 'n uitdrukking van die hoop wat ons in die ewigheid het, wat vir ons harte sowel as diegene rondom ons wys dat ons ware skat in die hemel is. Dit wys hoe ons God alleen vertrou om in ons behoeftes te voorsien en ons genadiglik goeie gawes op sy perfekte tyd te gee.

## LEES

*Week 6 • Vrydag*

*Hebreërs 6:10-20*

God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde
wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het
en nog dien nie. 11 Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-uit dieselfde
ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is. 12
Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur
geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het. 13 Toe God
aan Abraham die belofte gemaak het, het Hy niemand groter as Hyself gehad
by wie Hy dit met 'n eed kon bevestig nie. Daarom het Hy dit met 'n eed by
Homself bevestig 14 en gesê: "Ek sal jou beslis ryklik seën en jou 'n baie groot
nageslag gee." 15 En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry
wat aan hom beloof is. 16 Mense lê 'n eed af by iemand groter as hulleself. Vir
hulle is dit die bevestiging van 'n saak, en dit sluit alle teëspraak uit. 17 En omdat
God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit
onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg. 18 Die twee onveranderlike
dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en
is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas
te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is. 19 Hierdie hoop besit ons as 'n
veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. 20 Daar
het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester
volgens die orde van Melgisedek.

## SOAP

*Week 6 • Vrydag*

SOAP / *Hebreërs 6:19–20*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Vrydag*

**SOAP:**

*Hebreërs 6:19-20*

*Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.*

**OORDENKING**

Wat 'n vreugde was dit nie om die afgelope paar weke ons begrip van hoop te groei nie. Ons het gesien hoe hoop die vertroue is om op God te wag vir die goeie wanneer ons nie die toekoms kan sien nie. Ons het ontdek dat volharding steeds ons hoop op die goedheid van God plaas wanneer ons omstandighede vir ons sê om op te gee. En ons het geleer dat wanneer ons hoop standvastig en standvastig bly, ons geloof in God se beloftes versterk word.

God vra ons om standvastig te bly in die hoop tot die einde toe. Dit is beide die einde van ons seisoen van wag en die einde van ons lewens terwyl ons aanhou om saam met Hom te wandel en Hom met ons verlossing te vertrou. Deur volharding sal ons die vervulling van al God se beloftes sien. God het ons genadiglik voorbeelde gegee om te volg van diegene wat standvastig in hoop gebly het, deur lyding en twyfel volhard het, om ons aan te moedig om dieselfde te doen.

Wat 'n seën dat ons God ons nie laat raai oor wat Hy vir ons beplan nie. Soos Hy vir Abraham gesê het wat Hy sou doen, het Hy ons onveranderlike beloftes gegee sodat ons bemoediging kan vind terwyl ons volhard. Wat 'n vreugde om te rus in die waarheid dat ons God nooit verander nie en dat Hy altyd sy beloftes nakom.

Hierdie hoop is ons anker. Soos 'n anker keer dat 'n boot see toe dryf, om deur die stroom of die winde rondgeslinger te word, is hoop die anker wat ons aan Christus vasgemaak hou. Hy weerhou ons daarvan om weg te dryf, om deur vrees, twyfel of leuens rondgeslinger te word. Ons is in Hom geanker deur ons hoop.

Wanneer ons anker Christus is, sal dit nie misluk nie. Hy kan nie faal nie, want Hy is die Een wat hierdie beloftes aan ons gegee het. In Hom het ons verlossing, vryheid van sonde en dood, 'n verhouding met God, oorvloedige lewe en goeie gawes. Mag ons volhard, ongeag wat die wêreld of ons vrese vir ons sê. Mag ons standvastig in hoop bly, geanker in Hom, maak nie saak wat kom nie.

## OORDENKING

*Week 6*

1. *Wat is die "selfs al" in jou lewe? Vul die spasie in: "Selfs al ________________, sal ek op Hom hoop."*

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

2. *Hoe was God in die verlede getrou aan jou? Hoe het Hy sy beloftes aan jou nagekom of Homself getrou getoon toe jy dit die nodigste gehad het?*

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

3. *Waarom is dit belangrik om die getrouheid van God te onthou wanneer ons in 'n seisoen van wag of lyding is?*

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

4. *Waarop plaas jy vandag jou hoop? Soos jy jou hart op die dinge van God plaas, verander dit of pas dit aan waarvoor jy hoop?*

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

5. *Hoe is hoop 'n anker vir ons siele? Hoe het God jou bemoedig terwyl jy die laaste paar weke in hoop en volharding gegroei het?*

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

......................................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd